# BEROEPSVOORLIGTINGSBEHOEFTES BY 'N SKOOL IN 'N AGTERGESTELDE GEMEENSKAP.

**KAREN VAN NIEKERK Hons. B. Com**

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Commercii in Bedryfsielkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Studieleier:** E. Du Toit

Potchefstroom
November 2003

# VOORWOORD


My opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- **Elanza du Toit** vir die geduld, tyd en energie wat jy so onbaatsugtig gegee het. Jy weet net hoe om van niks iets te maak. Baie dankie vir al die kennis en leiding wat jy met my gedeel het.
- **Die leerders en onderwysers** wat deelgeneem het aan die studie en spesifiek die onderwyseres wat betrokke was by die reëlings.
- **Prof Rothman** vir die inspirasie wat u vir elke student is.
- **Me Cecila van der Walt** vir die professionele taalversorging. Baie dankie vir die advies en hulpvaardigheid.
- **Hanlie, Heleen, Retha, Jaco en Johandries** – "Some people come into our lifes and quickly go. Some stay for a while and leave footprints on our hearts. And we are never, ever the same". Baie dankie vir die geleentheid wat ek gehad het om deel van julle lewens te kon word.
- **Heleen en Jaco** vir julle vriendskap en gasvryheid.
- **Stefan** – Baie dankie vir al jou geduld, verstaan, motivering en ondersteuning. Glo nie ek sou sover gekom het sonder jou.
- **My Ouers** - Dankie vir die ALLES wat ek kon hê waarvan Universiteit 'n klein, maar belangrike deel was.
- **Pieter, Francois en Esti:** dankie dat julle altyd daar is vir my.
- **Al my vriende** – Baie dankie vir al die geduld. Jammer vir al die kuiers wat ons moes mis, uitstel of net eenvoudig nooit 'n werklikheid kon maak nie.

**OPMERKINGS**

Die leser se aandag word gevestig op die volgende:

- Die verwysings en styl is soos voorgeskryf deur die *Publication Manual (4th edition) of the American Psychological Association (APA).* Dit is in lyn met die voorskrifte en beleid van die Program in Bedryfsielkunde van die PU vir CHO.

- Die skripsie word ingedien in die vorm van 'n navorsingsartikel. Die redaksionele styl soos voorgeskryf deur die *South African Journal of Industrial Psychology* wat grotendeels met APA – styl saamstem, is gebruik. Die APA riglyne is gebruik vir die samestelling van die tabelle.

## ABSTRACT

Theme: The need for Career Counselling in a school from a deprived community
Key terms: Career Guidance, deprived community, needs

The goal of this study was to investigate the career counselling needs at a school in a deprived community. High School learners form part of the future workforce that will influence this country's economy. Therefore it is necessary to focus on the development of a workforce that has the basic skills. Career counselling is therefore seen as the field of education by means of which these skills need to be addressed, but to present successful career counselling, the needs of the learners and teachers have to be taken into consideration. The staff and pupils of a Secondary School from a deprived community in Potchefstroom were used for the purposes of this study. The group consisted of 15 participants in total, of which 10 were pupils (6 girls and 4 boys) in grades 10 to 12, and 5 teachers (4 ladies and 1 gentleman). In order to determine the participants' experiences with regard to Career Counselling, qualitative research methodology was used by means of phenomenological principles in interviews. A specific effort was made to give an account of the extent and nature of this need, as well as to determine what the pupils' needs for Career Counselling are and what the limitations are for the teacher regarding career counselling. The results showed that pupils see career counselling as important and that they have a need for this field of education, that the current career education sessions at school do not fulfil their needs for career guidance, that learners indicate that they have specific needs regarding career guidance, that their peers show indifference towards receiving career guidance and also that their career choices are influenced by their home backgrounds. Furthermore the results showed that the teachers acknowledge the importance of career counselling at schools, the need for better career guidance, that certain factors exist that influence career guidance in a negative way and also that they have specific needs regarding career guidance.

# OPSOMMING

Tema: Beroepsvoorligtingsbehoeftes by 'n skool in 'n agtergestelde gemeenskap.

Sleutelwoorde: Beroepsvoorligting, behoeftes, agtergestelde gemeenskap.

Die doelstelling van die studie was om ondersoek in te stel na die beroepsvoorligtingsbehoeftes by 'n skool in 'n agtergestelde gemeenskap. Hoërskoolleerders maak deel uit van die arbeidsmag van die toekoms wat hierdie land se ekonomie beïnvloed. Dit is dus noodsaaklik om op die ontwikkeling van 'n arbeidsmag wat oor die basiese vaardighede beskik, te fokus. Beroepsvoorligting word gesien as die vakgebied deur middel waarvan hierdie vaardighede aangespreek moet word, maar om suksesvolle beroepsvoorligting te verseker moet leerders en onderwysers se behoeftes in ag geneem word. Vir doeleindes van hierdie studie is daar van die personeel en leerders van 'n Sekondêre Skool in 'n agtergestelde gemeenskap in Potchefstroom gebruik gemaak. Die groep het uit 15 deelnemers bestaan, waarvan tien leerders (6 meisies en 4 seuns) van grade 10 tot 12, en vyf onderwysers (4 dames en 1 man) was. Kwalitatiewe navorsing is gebruik, spesifiek van 'n onderhoud gebaseer op fenomenologiese beginsels, om deelnemers se belewing van beroepsvoorligting te bepaal. Daar is in besonder gepoog om die omvang en aard van hierdie behoefte te omskryf asook om vas te stel wat die leerders se beroepsvoorligtingsbehoeftes is en wat die beperkinge vir die onderwysers ten opsigte van beroepsvoorligting is. Die resultate het getoon dat leerders beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte daaraan het, dat huidige beroepsvoorligtingperiodes nie in hul behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligtingsbehoeftes voorsien nie, leerders aandui dat hulle spesifieke behoeftes het ten opsigte van beroepsvoorligting, dat hul portuurgroep apaties staan teenoor beroepsvoorligting en dat ouerhuise volgens leerders 'n invloed uitoefen op hul beroepskeuses. Die resultate het voorts ook aangedui dat onderwysers beroepsvoorligting belangrik ag en dat daar 'n behoefte by hulle skool bestaan, dat bepaalde faktore die beroepsvoorligtingproses negatief beïnvloed en dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het.

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

**1.1 Probleemstelling** ........ 1

**1.2 Navorsingdoelstelling** ........ 5

1.2.1 Algemene doelstellings 5

1.2.2 Spesifieke doelstellings 5

**1.3 Navorsingsmetode** ........ 5

1.3.1 Literatuuroorsig 5

1.3.2 Empiriese Ondersoek 6

1.3.3 Navorsingontwerp 6

1.3.4 Deelnemers 7

1.3.5 Data-insamelingsprosedure 7

1.3.6 Analisering van data 10

1.4 **Voorlopige hoofstukindeling** ........ 11

**HOOFSTUK 2: NAVORSINGSARTIKEL** ........ 12

**HOOFSTUK 3: GEVOLGTREKKINGS, BEPERKINGE EN AANBEVELINGS** ........ 62

3.1 Gevolgtrekking 62

3.2 Beperkinge 65

3.3 Aanbevelings 65

**BRONNELYS** ........ 67

## LYS VAN TABELLE

**Tabel 1.** Leerders se Belewing van Beroepsvoorligting ......................... **30**

**Tabel 2.** Onderwysers se Belewing van Beroepsvoorligting .................. **42**

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

Die doel van die studie is om ondersoek in te stel na die beroepsvoorligtingsbehoeftes by 'n skool in 'n agtergestelde gemeenskap. In Hoofstuk 1 word die rasionaal van die studie bespreek deur die probleemstelling te beskryf. Daarna word die algemene sowel as die spesifieke navorsingdoelstellings, die navorsingmetode en die hoofstukindeling bespreek.

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die wêreld van werk is voortdurend besig om te verander en namate die samelewing tegnologies ontwikkel, verander dit toenemend. Veranderende werkplekke, 'n toenemende verskeidenheid in die werkplek en die samelewing, 'n langer lewensverwagting, lewenslange leer en uitdagings, spanning, stres en angs wat dit in die individu en die samelewing teweegbring, is werklikhede waarmee in die toekoms rekening gehou sal moet word. Benewens die persoonlike koste wat werkloosheid meebring, het dit ook sosiale (maatskaplike) implikasies, byvoorbeeld misdaad, armoede en lae moreel (Marais, 2000). Hierdie stelling korreleer met Rothmann (2000) se opmerking dat al hoe meer jong mense die arbeidsmark jaar na jaar betree, terwyl daar nie genoeg werksgeleenthede in Suid-Afrika is nie.

Die feit dat soveel mense ongeskool is of nie oor die nodige kwalifikasies en vaardighede beskik nie, gee aanleiding tot die hoë werkloosheidsyfer. Dit is dus belangrik om vas te stel wat gedoen kan word om die indiensneembaarheid van die persoon wat werk soek, te verbeter (Rothmann, 2002). Jacobs (2002) is van mening dat dit belangrik is dat die nasie opgelei en opgevoed moet word om sodoende te verseker dat ons 'n effektiewe arbeidsmag het. In Suid–Afrika word daar ook van die standpunt uitgegaan dat 'n toename in die aanvraag na vaardigheid en geletterdheid van poste voorkom, maar dat 'n afname in die basiese vaardighede van die arbeidsmag te

bespeur is. Daar is 'n behoefte aan 'n beroepsvoorligtingstelsel wat ingestel is op die ontwikkeling van 'n arbeidsmag wat oor die basiese vaardighede beskik (Narsee, 1999). Volgens Marais (2000) sal in die geheel sowat 50 000 nuwe werkgeleenthede oor die volgende vyf jaar geskep word, maar dit sal hoofsaaklik werk vir hoogs geskoolde mense wees, terwyl die onderwys- en opleidingstelsel nie oor die vermoë beskik om personeel met sulke kwalifikasies op te lewer nie. Werksgeleenthede sal oor die volle tydperk van vyf jaar met minder as 1% groei.

Herr (persoonlike kommunikasie, 20 April, 2002) is van mening dat skoolverlaters in agtergestelde gemeenskappe tans nie oor hoë aspirasies, loopbaanvolwassenheid en selfkennis beskik nie en skryf die probleem toe aan 'n verskeidenheid faktore, onder andere 'n gebrek aan rolmodelle in die huis en gemeenskap asook die feit dat leerders skool so vroeg as graad 9 begin verlaat. Met ander woorde 'n jonger, minder loopbaanvolwasse arbeidsmag ontwikkel.

Bogenoemde stelling korreleer met Marais (2000) se bevindinge dat 'n persoon wat die skool vandag verlaat, kan verwag om:

- drie of vier beroepe in sy leeftyd te beoefen;
- uit sy omgewing waar hy gebore is weg te trek;
- sy lewe lank by een of ander faset van opleiding (onderwys) betrokke te wees
- op 'n stadium werkloos te wees.

Die belangrikheid van effektiewe beroepsvoorligting kan dus nie genoeg beklemtoon word nie. In literatuur oor die nuwe onderwysstelsel en Kurrikulum 2005 word die volgende stellings gemaak om klem te lê op die belangrikheid van effektiewe beroepsvoorligting. Omstandighede en uitdagings in Suid-Afrika laat 'n mens geen ander keuse nie as om die toekomstige arbeidsmag so goed moontlik op die "wêreld van werk" voor te berei. Daarom is dit belangrik om vas te stel hoe effektiewe beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning verseker kan word sodat leerders so goed moontlik toegerus kan word vir die kompeterende sakesektor (Manganyi, 1997).

Die aanname kan gemaak word dat die hoofdoel van 'n effektiewe beroepsvoorligtingsprogram is om die behoeftes van die leerders, wat dit veronderstel is om te bereik, onder die loep te neem (Euvrard, 1994). Die vraag wat gevolglik ontstaan, is: Wat is die behoefte van die leerders? Hierdie vraag som die dilemma op waarin die meeste van die beroepsvoorlingtingsonderwysers te staan kom. 'n Baie belangrike vraag wat voor die ontwikkeling van die nuwe kurrikulum deur die Departement gestel is, is hoe moet die kurrikulum en die leerders se omgewing gestruktureer word om te verseker dat dit die leerders se behoeftes aanspreek? (Education for all, 1997). In 'n vorige studie is gepoog om vas te stel op watter wyse die beroepsvoorligtingsbehoeftes van die leerders bepaal kan word. Met ander woorde: Hoe bepaal 'n mens die behoefte van leerders wat voorligting ontvang? Euvrard (1994) is van mening dat dit gedoen kan word deur voorligtingsbehoeftes sistematies te ontleed.

As gevolg van 'n ongelyke onderwysstelsel in die verlede is wetgewing ingestel om te verseker dat beroepsvoorligting tans in alle sekondêre skole aangebied word. Die apartheidswette het nie voorsiening gemaak vir voorligting aan ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika nie; slegs aan blankes en kleurlinge. Voorligting in ander gemeenskappe het dus daaronder gelei. Onlangse navorsing het bewys dat voorligtingdienste in 'n verwaarloosde toestand is; veral in swart skole (Euvrard, 1994; Jacobs, 2002).

In 'n verslag oor beroepsvoorligting in skole deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1981) word die volgende bevindings gerapporteer:

- Die opleiding van blanke en Indiëronderwysers is ontoereikend, maar steeds beter as die van swart onderwysers wat baie min of geen opleiding ontvang nie.
- Leerinhoud van die kurrikulums is ontoereikend in die sin dat dit nie tred hou met die tyd en veranderende realiteite in die RSA nie.
- Volgens die kriteria wat deur die Beroepsraad vir Sielkunde gestel is, is die opleiding van voorligtingspersoneel by skole ontoereikend.
- Ernstige tekortkominge kom in die voorsiening van beroepsvoorligting in skole voor.

Naude (1996) voer aan dat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se kritiek deur die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) se verslag in 1987 ondersteun word. Die NMK (1987) is van mening dat die bestaande beroepsvoorligting en leidingstelsels vir die skole in die teorie doeltreffend mag wees, maar dat die stelsels in die praktyk nie bevredigend werk nie. Die NMK is ook verder van mening dat die status van beroepsvoorligting en leiding by skole van bykans al die onderwysdepartemente nie bevredigend is nie.

Die doel van die studie is om ondersoek in te stel na die leerders en onderwysers se belewing en beskrywing van beroepsvoorligting. Dit is ook nodig om vas te stel wat die beroespsvoorligtingsbehoeftes van die leerders is om te verseker dat 'n beroepsvoorligtingsprogram ontwikkel word om in die geïdentifiseerde behoeftes te kan voorsien. Euvrard (1994) is van mening dat daar die afgelope paar jaar reeds meer erkenning gegee word aan die jongmense se siening van beroepsvoorligting, wat van groot waarde is tydens die beplanning en implementering van die programme. As die sienings beter verstaan word, sal dit interaksie stimuleer. In 'n bespreking oor die behoeftes en ondersteuning wat nodig is, is verskillende strategieë aangelê. Een van die strategieë was om onderwysers sowel as leerders betrokke te maak in die ontwikkelingsproses om sodoende te verseker dat die leerders se behoeftes aandag geniet (Education for all, 1997). Dit is dus vir die beroepsvoorligtingsonderwyser belangrik om te weet wat die behoefte van die leerders is om daardeur te verseker dat hulle behoeftes aangespreek word (Education for all, 1997; Euvrard, 1994).

Bogenoemde stellings sluit aan by Euvrard (1994) se bevindinge dat die inhoud van enige leerplan net die begin van die saak is. Die stelling ondersteun die siening dat die leerplan 'n sosiale konstruk is, 'n manier om 'n stel menslike onderrigpraktyke te organiseer. Dit gaan dieper as die inhoud van menslike belangstelling en verhoudings. Die uitdaging vir die beroepsvoorligtingsonderwysers wat verantwoordelik is vir beroepsvoorligting word saamgevat in wie hulle is en wat hulle doen. Onderwysers moet volwasse genoeg wees om eerder op die leerders se behoeftes te fokus, as op hulle eie.

## 1.2 NAVORSINGDOELSTELLINGS

### 1.2.1 Algemene doelstellings

Die algemene doelstelling van die navorsing is om ondersoek in te stel na die leerders en onderwysers in 'n agtergestelde gemeenskap se belewing en beskrywing van beroepsvoorligting.

### 1.2.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings van die navorsing is:

- Om vas te stel of onderwysers en leerders in agtergestelde gemeenskap beroepsvoorligting belangrik ag;
- Om te bepaal wat die leerders en onderwysers se behoeftes is ten opsigte van beroepsvoorligting;
- Om te bepaal hoe meer effektiewe beroepsvoorligting kan plaasvind;
- Om vas te stel wat die huidige situasie in die spesifieke Sekondêr skool ten opsigte van beroepsvoorligting is, asook watter hulpbronne met betrekking tot beroepsvoorligting beskikbaar is.

## 1.3 NAVORSINGMETODE

Die navorsingmetode bestaan uit 'n literatuuroorsig en 'n empiriese ondersoek.

### 1.3.1 Literatuuroorsig

'n Volledige literatuuroorsig is gedoen wat op beroepsvoorligtingsbehoeftes van onderwysers en leerders fokus; spesifiek in 'n agtergestelde gemeenskap.

### 1.3.2 Empiriese Ondersoek

Die empiriese ondersoek behels die navorsingsontwerp, die ondersoekgroepe, die keuse van die data-insamelingsmetode en die analisering van die data.

### 1.3.3 Navorsingsontwerp

Volgens Mouton en Marais (1992) is die doel van die navorsingsontwerp om die navorsingsprojek op so 'n wyse te struktureer dat die interne en eksterne geldigheid van die navorsingsresulate geoptimaliseer word. In die studie is van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak, spesifiek van 'n fenomenologiese ontwerp (Kruger, 1984). 'n Fenomenologiese ontwerp word gebruik om deelnemers se behoefte aan beroepsvoorligting te bepaal — 'n paradigma wat van die aanname uitgaan dat sosiale werklikheid in ons gedagtes gesetel lê (Hussey & Hussey, 1997). Die doel van die fenomenologiese ontwerp is om die persoon se kognitiewe belewing vanuit sy eie raamwerk te verstaan (Rothmann, 2000). Die fenomenologiese ontwerp is ook gekies omdat die navorser die deelnemers se verwysingsraamwerk, ervaring en gedrag wil verstaan sonder vooropgestelde verwagtinge of kategorieë (Patton, 1990; Rothmann, Sieberhagen & Cilliers, 1998).

Belangrike navorsingontwerp-oorwegings wat in gedagte gehou moet word weens die verkennende aard van die studie, is:

(i) die navolg van 'n oop en plooibare navorsingstrategie; en

(ii) die gebruik van metodes soos literatuuroorsigte en onderhoude.

Die navorser mag onder geen omstandighede toelaat dat enige voorafopgestelde idees en hipoteses haar in 'n bepaalde rigtings lei en hou nie (Mouton & Marais, 1992).

### 1.3.4 Deelnemers

In hierdie studie is daar van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak wat bestaan het uit die personeel en leerders van 'n Sekondêre Skool in 'n agtergestelde gemeenskap in Potchefstroom. Die spesifieke skool is gekies op grond van die betrokkenheid van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en mees spesifiek die Skool vir Menslikehulpbronwetenskappe, by die gemeenskap. Die groep het uit 15 deelnemers bestaan, waarvan tien leerders (6 meisies en 4 seuns) van grade 10 tot 12, en vyf onderwysers (4 dames en 1 man) was.

Kruger (1979) dui die volgende kriteria aan wat as riglyne kan dien vir die selektering van deelnemers:

- Deelnemers moes die fenomeen wat nagevors word al persoonlik beleef het.
- Deelnemers moet verbaal goed kan kommunikeer om sodoende hulle denke en gevoelens met betrekking tot die fenomeen wat nagevors word, duidelik te kan uitspreek.
- Deelnemers moet 'n bereidwilligheid toon om aan die navorsing deel te neem, en 'n openheid teenoor die navorser openbaar.

### 1.3.5 Data-insamelingsprosedure

Vir die doeleindes van die navorsing is besluit op die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsontwerp. Die data-insameling vir hierdie studie sal by wyse van 'n onderhoud, gebaseer op die fenomenologiese paradigma, geskied. 'n Onderhoud, gebaseer op fenomenologiese beginsels, word gebruik om deelnemers se belewing van die huidige situasie in beroepsvoorligting te bepaal. Die doel van die onderhoud is om aan die respondente die geleentheid te bied om hul eie unieke behoefte aan loopbaanvoorligting te bepaal (Rothmann, 2000). Die fenomenologiese metode is 'n induktiewe, beskrywende navorsingsmetode waardeur die mens in sy totaliteit en ervaringsveld bestudeer word. Die navorser bestudeer die fenomeen sonder

voorafopgestelde verwagtinge en probeer die data uit die oogpunt van die deelnemer verstaan (Moustakas, 1994; Rothmann, 2002).

Die studie is verkennend van aard. Verkennende studies poog om verkenning te doen van 'n relatief onbekende gebied. Aangesien doel van verkenning hoofsaaklik gerig is op beter insig en begrip as akkurate data, sal van onderhoudvoering gebruik gemaak word. Hipoteses sal eerder gevorm word uit die studie as wat dit die studie lei (Mouton & Marais, 1990). Tydens die verkennende studie is van literatuuroorsig en bandopnames (onderhoude) gebruik gemaak.

Van der Merwe (in Garbers) gee die volgende metodes aan waarvolgens verkennende navorsing gedoen kan word, naamlik:

- 'n literatuuroorsig;
- opname onder mense wat 'n ervaring van die probleem het;
- 'n ontleding van insig-stimulerende voorbeelde.

Dit is belangrik om die voor- en nadele van die onderhoud in ag te neem (Patton, 1990):
Voordele:

- Baie inligting word binne 'n kort tydsbestek ingewin.
- Toeganklikheid tot akkurate inligting en opheldering is moontlik.
- Dit maak dit maklik om sosiale verhoudings te verstaan.
- Data word in 'n natuurlike omgewing ingesamel.
- Die interaksie tussen die deelnemer en die navorser is van groot waarde.

Nadele:

- Data word van 'n relatief groep ingesamel.
- Data word blootgestel aan die navorser se mening.
- Dit is baie afhanklik van die deelnemers se eerlikheid.
- Die onderhoud is betreklik tydrowend.

Marshall en Rossman (1995:55) is van mening dat:

> The researcher must get close to those who she studies; she understands that their actions are best comprehended when observed on the spot – in the natural, ongoing environment where they live and work...

Kwalitatiewe navorsing hou in hierdie opsig meer voordele in, aangesien hier meer gefokus word op die belewinge van die leerders. Watts, Law, Killeen, Kid en Hawthorn (1996) verwys hierna as die naratiewe benadering, ook deesdae bekend as die interpretivisme tot loopbane, wat 'n dialoog behels tussen die navorsingsobjek en die ondersoeker.

Die volgende kontrolemaatreëls wat Woods en Catanzaro (1988) voorstel om die betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe studies te verseker, moet ook in ag geneem word:

- Identifisering en verduideliking van die navorser se rol in die navorsingopset.
- Beskrywing van die ontwikkeling en inhoud van die navorser se rol namate die studie ontvou.
- Gelykstelling van deelnemers wanneer keuses oor wie moet deelneem, gemaak word.
- Beskrywing van die betrokke besluitnemingsproses wanneer 'n keuse uitgeoefen word oor wie moet deelneem.
- 'n Presiese beskrywing van die situasie, asook die metode van data-insameling, -ontleding en -interpretasie.
- Die volledige afneem van aantekeninge van die ervarings en gevoelens (belewing) van die deelnemers.
- Outentieke rapportering van temas aan die hand van woorde wat deur respondente geuiter is.
- Die gebruikmaking van 'n kodering-herkoderingsproses tydens die ontleding van die navorsingsdata.

- Die opstel en liassering van die veldnotas so gou moontlik na afloop van die data-insamelingsfase, sodat verseker kan word dat die sosiale, interpersoonlike en fisiese konteks buite rekening gelaat word.
- Die spesifisering van die strategieë wat gebruik word om die inligting in te win, te analiseer en te rapporteer.
- Die woordelike transkripsies van onderhoude wat op band opgeneem is.
- Teoretiese kodering deur ten minste twee kodeerders.
- Vergelyking van bevindinge met gepubliseerde navorsing.

### 1.3.6 Analisering van data

Die doel van 'n kwalitatiewe ondersoek is om bevindinge te ontwikkel. Data-analisering en -interpretering word gedoen deur sin te maak uit wat gesê is, patrone te identifiseer, dit wat gesê is te organiseer en te integreer (Patton, 1990).

Die prosedure bestaan uit vyf stappe (Omery, 1983), naamlik:

STAP 1: Die navorser lees die hele beskrywing sodat 'n begrip van die geheel verkry kan word.

STAP 2: Die navorser lees die beskrywing stadiger en identifiseer individuele eenhede.

STAP 3: Die navorser elimineer oorbodighede in die eenhede, klassifiseer of brei uit op die betekenisse van die oorblywende eenhede deur hulle met mekaar en met die geheel in verband te bring.

STAP 4: Die navorser beoordeel die gegewe eenhede en skakel die gesprekregister om in 'n register met wetenskaplike konsepte.

STAP 5: Die navorser integreer en gee, by wyse van 'n beskrywende struktuur, 'n samevatting van die verworwe insig wat aan ander navorsers beskikbaar gestel word vir bevestiging en/ of kritiek.

Die metode van inhoudsanalise wat deur die navorser gebruik sal word, word deur Kerlinger (2000) beskou as 'n sistematiese, objektiewe en kwantitatiewe werkswyse waardeur veranderlikes meetbaar gemaak word. In wese gaan dit om die konstante bevraagtekening van deelnemers se mededelings (Rothmann, 2000).

## 1.4 VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukke van die studie sal voorlopig as volg ingedeel word:

Hoofstuk 1: Inleiding, Agtergrond en Probleemstelling
Hoofstuk 2: Navorsingsartikel
Hoofstuk 3: Gevolgtrekkings, Beperkinge en Aanbevelings

# HOOFSTUK 2: NAVORSINGSARTIKEL

# BEROEPSVOORLIGTINGSBEHOEFTES BY 'N SKOOL IN 'N AGTERGESTELDE GEMEENSKAP

K VAN NIEKERK

E DU TOIT

*WorkWell: Reserarch Unit for People, Policy and Performance, Faculty of Economic and Management Sciences, Potchefstroom University for CHE*

## OPSOMMING

Die algemene doelstelling van die studie was om ondersoek in te stel na die beroepsvoorligtingsbehoeftes by 'n skool in 'n voorheen agtergestelde gemeenskap. Die groep het uit 15 deelnemers bestaan, waarvan tien leerders (6 meisies en 4 seuns) van grade 10 tot 12, en vyf onderwysers (4 dames en 1 man) was. Onderhoude gebaseer op fenomenologiese beginsels is gebruik om deelnemers se belewing van beroepsvoorligting te bepaal asook die omvang en aard van hierdie behoeftes. Die resultate het aangetoon dat sowel leerders as onderwysers beroepsvoorligting belangrik ag en spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het. Leerders dui aan dat huidige beroepsvoorligtingperiodes nie in hul behoeftes voorsien nie, dat hul portuurgroep apaties staan teenoor beroepsvoorligting en dat ouerhuise volgens leerders 'n invloed uitoefen op hul beroepskeuses. Onderwysers is van mening dat bepaalde faktore 'n rol speel wat die beroepsvoorligtingsproses negatief beïnvloed.

## ABSTRACT

The goal of this study was to investigate the career counselling needs at a school in a previously disadvantaged community. The group consisted of 15 participants in total, of which 10 were pupils (6 girls and 4 boys) in grades 10 to 12, and 5 teachers (4 ladies and 1 gentleman). Qualitative research methodology was used by means of phenomenological principles in an interview to establish the participants'

experiences with regard to Career Counselling as well as the extent and nature of these needs. The results showed that both learners and teachers see career guidance to be important and that they have specific needs regarding career guidance. Learners indicated that their career guidance sessions do not fulfill their needs, that their peers show indifference towards receiving career guidance and that their career choices are influenced by home backgrounds. The results also showed that teachers acknowledge that specific factors play a role in influencing the career counselling process negatively.

Die wêreld van werk is voortdurend besig om te verander en namate die samelewing tegnologies ontwikkel, verander dit toenemend. Veranderende werkplekke, 'n toenemende verskeidenheid in die werkplek en die samelewing, 'n langer lewensverwagting, lewenslange leer en uitdagings, spanning, stres en angs wat dit in die individu en die samelewing teweegbring, is werklikhede waarmee in die toekoms rekening gehou sal moet word. Benewens die persoonlike koste wat werkloosheid meebring, het dit ook sosiale (maatskaplike) implikasies, byvoorbeeld 'n toename in misdaad, armoede en lae moreel (Marais, 2000).

Kontrakteurs, personeelagentskappe en tydelike werkers word toenemend gebruik wat 'n teken kan wees van 'n toename in 'n informele werkplek wat ook lei tot die toename in onsekerheid. Akhurst en Mkhize (1999) plaas by hierdie scenario die werkloosheidskoers en beklemtoon daardeur die behoefte aan voldoende en bevredigende beroepsvoorligting. Beroepsvoorligting in Suid–Afrika is baie verwaarloos en in 'n swak toestand, en 'n bewys daarvan is die feit dat 'n derde van eerstejaarstudente in hulle eerstejaar opskop of van kursus verander wat ook 'n duidelike teken daarvan is dat alles nie wel is met die leerders se opvoeding nie. Volgens statistieke van die Departement Arbeid is die werkloosheidskoers tans meer as 40%, maar hierdie statistieke kan nie leerders se indiensneembaarheidvermoë weerspieël nie (http://schoolguide.co.za).

Werk, ongeag die werkloosheidskoers, is 'n onontbeerlike komponent van 'n betekenisvolle bestaan. Alle leerders benodig 'n algemene oriëntering ten opsigte van

werk en verdere studie, ongeag of hulle gaan werk of verder studeer (RNCS, 2002). In die Witskrif (SA, 1998) word die belangrikheid van beroepsvoorligting benadruk. Daar word gesê dat beroepsvoorligting die kern van die nuwe Verdere Onderwys en Opleidingsprogram (VOO) uitmaak. Die doel van beroepsvoorligting in die VOO-program, wat deel uitmaak van die Kurrikulum 2005, is dan om inligting te verskaf rakende opleidingsinstansies, opleidingsgeleenthede en werksgeleenthede. As deel van die kurrikulum moet daar ook inligting verskaf word oor die arbeidsmark, 'n aanduiding van die vaardighede waaraan daar 'n gebrek is, die algemene neigings in die arbeidsmark en werksgeleenthede.

Wat die wêreld van werk betref, speel die arbeidsmag 'n belangrike rol. Rothmann (2000) bevind dat al hoe meer jong mense die arbeidsmark jaar na jaar betree, maar dat daar terselftertyd nie genoeg werksgeleenthede in Suid-Afrika is nie. Die feit dat soveel mense ongeskool is of nie oor die nodige kwalifikasies en vaardighede beskik nie, gee aanleiding tot die hoë werkloosheidsyfer. Hierdie stelling korreleer met Narsee (1999) se opmerking dat daar 'n behoefte aan 'n beroepsvoorligtingstelsel bestaan wat ten doel het om 'n arbeidsmag wat oor die basiese vaardighede beskik, te ontwikkel. Dit is dus belangrik om vas te stel wat gedoen kan word om die indiensneembaarheid van aansoekers te verbeter (Rothmann, 2000).

Die aanname kan gemaak word dat die huidige situasie in Suid–Afrika 'n groot mate van werkloosheid weerspiëel wat 'n impak het op die arbeidsmag asook op die toekomstige arbeidsmag (leerders). Aangesien hoërskoolleerders 'n groot deel uitmaak van Suid-Afrika se toekomstige arbeidsmag is beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning van kardinale belang, aangesien dit 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van die mense, asook tot die ekonomie van die land (Akhurst & Mkhize, 1999). Jacobs (2002) is van mening dat dit belangrik is dat die nasie opgelei en opgevoed moet word om sodoende te verseker dat ons 'n effektiewe arbeidsmag het. In Suid–Afrika word daar ook van die standpunt uitgegaan dat 'n toename in die aanvraag na vaardigheid in geletterdheid in poste voorkom, en 'n afname in die basiese vaardighede van die arbeidsmag te bespeur is.

Die afgelope dekade was dit 'n groot uitdaging om 'n meer omvattende en effektiewe beroepsvoorligtingsprogram te ontwikkel wat in die behoeftes van die minderheidsgroepe voorsien. Die meeste leerders in Suid–Afrikaanse skole kom uit gedepriveerde gemeenskappe, en om te verseker dat daar aan al die verskillende bevolkingsgroepe se voorligtingbehoeftes voldoen word en dat behoeftes aandag geniet, is 'n groot taak en verantwoordelikheid (Akhurst & Mkhize, 1999). Herr (persoonlike kommunikasie, 20 April, 2002) se mening is dat nog 'n verdere probleem voorkom, naamlik dat skoolverlaters in gedepriveerde gemeenskappe nie noodwendig die belangrikheid van 'n loopbaan besef en moontlik nieoor loopbaanvolwassenheid en selfkennis beskik nie. Dit kan dalk toegeskryf word aan 'n gebrek aan rolmodelle in die huis en gemeenskap, sowel as aan die feit dat die ouderdom waarop leerders die skool verlaat 'n jonger, minder loopbaanvolwasse arbeidsmag tot gevolg het (Herr, persoonlike kommunikasie, 20 April, 2002).

Leerders is van mening dat 'n mens na skool vanselfsprekend 'n werk het en is dus verbaas as hulle agterkom dat hulle self verantwoordelikheid vir werkskepping moet aanvaar (Bell, Sloth–Nielsen & Housdon, 1993). Beroepskeuse bly van die belangrikste besluite wat 'n jongmens sal neem. Jongmense raak toenemend bewus van die beroepslewe en die wêreld daar buite, deurdat hulle blootgestel word aan werkloosheid en stresvolle werksomgewings weens hulle ouers, familielede en vriende se negatiewe ervaringe daarvan (Akhurst & Mkhize, 1999). Toegang tot en die gebruik van beroepsinligting maak dus 'n baie belangrike deel uit van die besluitnemingsproses/beroepskeuse. Super en Jordaan (1973) bewys dat daar 'n verband bestaan tussen beroepskennis van hoërskoolleerders en hulle werksprestasies. In Suid-Afrika beskik skoolverlaters slegs oor 'n beperkte kennis van en inligting aangaande die verskeidenheid beroepe, wat gevolglik 'n duidelike impak het op hulle beroepskeuses (Akhurst & Mkhize, 1999). Sonder die beroepsinligting word beroepskeuses dan lukraak gemaak wat negatiewe gevolge het. Almal het nie toegang tot formele onderrig nie en dit het werkloosheid tot gevolg. Dit sluit aan by Watson en Stead (1999) se bevindinge dat daar in die swart gemeenskap 'n groot behoefte aan

beroepsvoorligting (inligting) bestaan, en ook dat die inligting rakende loopbane meer stelselgeoriënteerd en gemeenskapsgebaseerd moet wees.

Dit wil voorkom of tevredenheid of ontevredenheid in die een, die ander beïnvloed. Marais (1991) sien beroepsvoorligting as 'n noodsaaklike bestandeel om aan werkloses, beroepsontvredenes of besluitelose jeugdiges sin en betekenis en selfbemagtingingsvaardighede te verleen. Om betekenis te verleen, is dit belangrik dat die leerders of betrokke persone se spesifieke behoeftes onder die loep geneem moet word (Marais, 1991). As vorige studies soos Fredericks (1991), Glasser (1965), Rhodes (1970) en nog vele ander in ag geneem word, is dit duidelik dat 'n behoefte aan 'n program wat die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders aanspreek, jare lank reeds bestaan.

In 'n studie van Chuenyane (1983) het hy aangedui dat 90% van die leerders uit 'n agtergestelde gemeenskap in die skoolpopulasie ernstige loopbaanbeplanningsprobleme ervaar. Hierdie bevindinge sluit aan by Jacobs (2002) se bevindinge dat tot 90% van die nie-blanke leerders in Suid–Afrika steeds agtergestelde skole bywoon. Die geskiedenis van ongelykheid in skole het tot die gevolg dat baie mense, veral in agtergestelde gemeenskappe, ongeletterd en ongeskool is (Manganyi, 1997).

'n Studie deur Pryor (1985) het bewys dat leerders wat in enige van die volgende kategorieë val, besonderse uitdagings aan die beroepsvoorligtingsonderwysers stel:

- beperkte blootstelling aan die wêreld van werk;
- min toegang tot loopbaanonderrigdienste;
- geen kennis van groot tersiêre instansies nie; en
- beperkte sosiale kontakte.

Volgens Akhurst en Mkhize (1999) is daar tans nog 'n groot aantal leerders wat in een of meer van die bogenoemde kategoriee val. Dit is dus duidelik dat daar 'n groot behoefte is aan effektiewe, professionele en voldoende beroepsvoorligting. Die onderrig

en leiding wat leerders ontvang, moet hulle dus in staat stel om 'n betekenisvolle lewe te kan voer. Leerders se onderrig moet hulle voorberei op die wêreld van werk en die lewe. Dit sluit die integrering van leerders in die gemeenskap in. 'n Onderwysstelsel wat gemeenskapsoriënteerd is, sluit die gemeenskap se betrokkenheid by leerders se opvoeding in en is waardevol vir die gemeenskap (Education for all, 1997).

**Behoeftes en Beroepsvoorligting**

Jacobs, Von Mollendorf en Van Jaarsveld (1988) is van mening dat mensekragontwikkeling slegs moontlik is wanneer die feit dat elke werker sekere behoeftes bevredig wil sien of ideale binne 'n veranderende beroepslewe wil verwesenlik, in berekening gebring word. Internasionale literatuur oor die onderwerp van beroepsvoorligting wys daarop dat die hoofdoel van 'n effektiewe beroepsvoorligtingsprogram is om die behoeftes van die leerders, wat dit veronderstel is om te bereik, aan te spreek. Dit is vir die beroepsvoorligtingsonderwyser belangrik om te weet wat die behoefte van die leerders is om seker te maak dat hulle behoeftes aandag geniet (Euvrard, 1994). Hierdie stellings sluit aan by Hoffmann en Maree (1992) se bevindinge, naamlik dat die jeugdige se behoeftes die uitkoms van gesamentlik sy persoonlikheid, verwagtings en doelwitte is en ook deur sy lewensopvattings beïnvloed word.

Fredericks (1991) bevind dat die mate waarin leerders se behoeftes bevredig word, bepaal hoe betrokke hulle sal raak. Met ander woorde hulle sal belangstel in beroepsvoorligting as hulle waarneem dat dit tot hulle voordeel sal wees en hulle dit as 'n hulpmiddel kan gebruik om hulle ideale te verwesenlik. Fredericks (1991) is ook van mening dat behoeftes en die vervulling daarvan die mate van belangstelling in en betrokkenheid by beroepsvoorligting beïnvloed en bepaal. Volgens bronne (Euvrard, 1994) word daar die afgelope paar jare al hoe meer erkenning gegee aan die jongmense se siening van beroepsvoorligting, wat waardevol is by die beplanning en implementering van die programme. Die outeur is van mening dat, as die sienings van jongmense beter verstaan word, interaksie gestimuleer sal word. In

onlangse besprekings oor die behoeftes aan en die ondersteuning wat nodig is vir kwaliteit onderrig, is verskillende strategieë voorgestel. Een van hierdie strategieë was om onderwysers en leerders so ver te kry om betrokke te raak by die ontwikkelingsproses om sodoende te verseker dat die leerders se behoeftes aangespreek word (Education for all, 1997).

Kruger (1995) bevind dat die doel van voorligting nie alleen die behoeftes van die leerder in die oog het nie, maar ook die voorbereiding van die leerder as volwassene. Die aanname kan gemaak word dat die doel van beroepsvoorligting hoofsaaklik is om die leerder op die keuses, uitdagings en veranderings wat die lewe inhou, voor te berei, maar volgens Fredericks (1991) is 'n beroepsvoorligtingsprogram onsuksesvol sodra dit nie meer die relevante behoeftes van die leerders aanspreek nie, onder andere wanneer 'n uitgediende voorligtingsprogram gebruik word.

Wat die veranderende leefstyle betref, kan verwag word dat dit veroorsaak word deur veranderinge in die politieke, sosio-ekonomiese en onderwysstelsels. Dit veroorsaak dat die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders in 1998 geheel en al kan verskil van dié van leerders in 2003 (Fredericks, 1991). Voortgesette behoeftebepaling is dus belangrik om te verseker dat die regte behoeftes op die regte tyd aangespreek en bevredig word en dat tred gehou word met veranderende leefstyle.

**Huidige stand van beroepsvoorligting in Suid-Afrika**

Van die 4 miljoen werklose mense in Suid–Afrika is 50% van hulle jongmense wat meer as nege jaar, Gr 0 tot Gr 9, se opvoeding het. Die werkloosheidskoers onder jongmense is skrikwekkend. Dit word toegeskryf aan die gebrek aan behoorlike beroepsvoorligting en opleidingsgeleentheid (Kroukamp, 2003).

Beroepsvoorligting en -onderrig in die skole in agtergestelde gemeenskappe in Suid-Afrika is weens die vorige regering se houding teenoor nie-blanke skole baie verwaarloos (Naidu, 2000) . Dit kan nie ontken word nie die dat skoolvoorligting, veral in

nie-blanke skole, onderdruk is. Dit is dan ook waarom beroepsvoorligting as die stiefkind van die skoolstelsel genoem word. Beroepsvoorligting het nie dieselfde aandag geniet as die ander vakgebiede nie, maar tans word beroepsvoorligting baie belangrik geag en in die selfde lig gesien as ander akademiese vakgebiede (Career Guidance & Counselling, 2000). Volgens Naidu (2000) is wetgewing, as gevolg van ongelykhede in die verlede, ingestel om te verseker dat voorligting in alle sekondêre skole aangebied word. Een van die ongelykhede in die verlde was die apartheidswette wat nie voorsiening gemaak het vir beroepsvoorligting in ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika nie, maar alleenlik vir blankes. Voorligting in ander gemeenskappe het dus daaronder gelei. Hierdie stellings sluit aan by Euvrard (1994) en Jacobs (2002) se bevindinge dat beroepsvoorligtingsdienste in 'n verwaarloosde toestand is, veral in agtergestelde gemeenskappe.

In 'n verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (1981) word die volgende van beroepsvoorligting in skole gerapporteer:

- Die opleiding van blanke en Indiëronderwysers is ontoereikend maar is nog steeds beter as die van swart onderwysers wat baie min of geen opleiding ontvang nie.
- Die leerinhoud van die kurrikulums is ontoereikend in die sin dat dit nie tred hou met die tyd en veranderende realiteite in die RSA nie.
- Volgens die kriteria wat deur die Beroepsraad vir Sielkunde gestel word, is die opleiding van voorligtingspersoneel by skole ontoereikend.
- Ernstige tekortkominge kom voor in die voorsiening van beroepsvoorligting in skole.

Die 1987-verslag van die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) ondersteun ook die kritiek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Hulle poneer dat "...die bestaande beroepsvoorligting en leidingstelsels vir die skole in die teorie doeltreffend mag wees, maar dat die stelsels in die praktyk nie bevredigend werk nie". (NMK, 1987). Hulle meen verder: "Die status van beroepsvoorligting en leiding by skole van bykans al die onderwysdepartemente is nie bevredigend nie" (NMK, 1987; Naude, 1996). In onlangse literatuur en verslae het die prentjie nog nie veel verander nie (Education for all, 1997; Jacobs, 2002 en Kroukamp, 2003).

Tans kom radikale veranderings voor ten opsigte van die samestelling van vakke vir die nuweskolesertifikaat wat die "uitgediende" matriek uiteindelik sal vervang. Leerders sal sewe vakke nodig hê vir die Verdere Onderwys en Opleiding Sertifikaat wat skole uitreik. Twee tale, wiskunde of wiskunde geletterdheid en lewensorientering (wat onder andere beroepsvoorligting insluit), sal ingevolge die nuwe stelsel verpligtend wees. Statistiek toon dat slegs 10% skoolverlaters na universiteite of technikons gaan. Dit is noodsaaklik dat gekyk word na die opsies wat die res van die leerders het (Nuwe Matriek, 2003). Met die nodige en regte inligting oor die beroepe en beroepsmoontlikhede sal leerders die regte vakkeuses en dus ook beroepskeuses kan maak en verdere opleiding ontvang, wat suksesvolle loopbane tot gevolg kan hê. 'n Opgeleide en doeltreffende arbeidsmag kan werkloosheid verminder wat groei in die ekonomie bewerkstellig bloot as gevolg van kwaliteit beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning (Akhurst & Mkhize, 1999).

Wat die onderwysers betref, moet hulle volgens die nuwe sillabus as fasiliteerders, oop wees vir alternatiewe idees, gelei word deur die leerders se behoeftes en nie veroordelend wees nie. Die onderwyser moet 'n omgewing skep waarin leer kan plaasvind, asook probeer om die ouers en gemeenskap betrokke te kry (Modise, 1997). Die brug tussen opleiding en die wêreld van werk is beroepsvoorligting (http://www.boitjhorisong.co.za).

Uit bostaande wil dit dus voorkom of Hoërskoolleerders deel uitmaak van die arbeidsmag van die toekoms. Die arbeidsmag beïnvloed 'n land se ekonomie. Dit is dus noodsaaklik om te fokus op die ontwikkeling van 'n arbeidsmag wat oor die basiese vaardighede beskik. Beroepsvoorligting word dus gesien as die vakgebied waarin die vaardighede aangespreek moet word, maar om suksesvolle beroepsvoorligting te verseker moet leerders en onderwysers se behoeftes in ag geneem word.

Volgens literatuur is beroepsvoorligting nie op peil nie en spreek dit nie die leerders se behoeftes aan nie. Met die impak wat leerders op die arbeidsmag het, is dit dus

belangrik om aandag te gee aan effektiewe beroepsvoorligting. Om 'n effektiewe beroepsvoorligtingsprogram aan te bied is dit nodig om vas te stel wat die leerders se behoeftes is en wat die huidige situasie in die betrokke Sekondêre Skool is.

## METODE

### Navorsingsontwerp

Volgens Mouton en Marais (1992) is die doel van die navorsingsontwerp om die navorsingsprojek op so 'n wyse te struktureer dat die interne en eksterne geldigheid van die navorsingsresultate geoptimaliseer word.

'n Fenomenologiese ontwerp (Kruger, 1984) word gebruik om deelnemers se behoefte aan beroepsvoorligting te bepaal. Hierdie ontwerp is gegrond op die aanname dat psigometriese meetinstrumente nie die totaliteit van die individu se ervaring kan ondervang nie en dus gebrekkige resultate oplewer (Kruger, 1984; Omery, 1983, Rothmann, Sieberhagen & Cilliers, 1998). Die fenomenologiese ontwerp is egter gekies omdat die navorser die totaliteit van die menslike ervaring sonder vooropgestelde verwagtinge of kategorieë wil bestudeer en wil poog om die data vanuit die deelnemer se perspektief te verstaan (Rothmann, Sieberhagen & Cilliers, 1998).

Van der Merwe (1996) is van mening dat kwalitatiewe navorsing verband hou met die ontwikkeling van teorie en begrip. In die studie word kwalitatiewe navorsing gebruik om die navorser tot beter selfbegrip en insig van die ondersoekgroep te bring. 'n Beter verstaan van menslike gedrag en ervaring is dus verkry (Van Der Merwe, 1996). Die navorser volg 'n fenomenologiese benadering waardeur sy die betekenis van gebeure en interaksies van mense in spesifieke situasies wil verstaan. Deur 'n fenomenologiese benadering toe te pas word deelnemers se behoefte aan beroepsvoorligting vanuit hulle eie ervarings en perspektief verstaan. Volgens Patton (1990) kan fenomenologie een of albei van die volgende wees (1) 'n fokus op wat die mense ervaar en hoe hy/sy dit interpreteer of (2) 'n metodieke mandaat om in werklikheid die fenomeen te ervaar wat

ondersoek word. Deelnemende waarneming vind plaas deurdat die handel en wandel van 'n spesifieke groep of gemeenskap opgeteken word (Mouton et al., 1990).
Weens die verkennende aard van die studie is dit belangrik dat die navorser onder geen omstandighede mag toelaat dat enige vooropgestelde idees en hipoteses haar navorsing in bepaalde rigtings lei en hou nie (Mouton et al., 1990). Die navorser wil die totale menslike ervaring sonder vooropgestelde verwagtinge of kategorieë bestudeer. Omery (*In* Rothmann et al., 1998) is van mening dat hierdie ontwerp gegrond is op die aanname dat psigometriese meetinstrumente nie die totaliteit van die individu se ervaring kan ondervang nie en dus gebrekkige resultate oplewer.

**Deelnemers**

In hierdie studie is daar van 'n doelgerigte steekproef gebruik gemaak wat bestaan het uit die personeel en leerders van 'n Sekondêre Skool in 'n agtergestelde gemeenskap in Potchefstroom. Die spesiefieke skool is gekies op grond van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en veral die Skool vir Menslikehulpbronwetenskappe se betrokkenhied by die gemeenskap. Die groep het uit 15 deelnemers bestaan, waarvan tien leerders (6 meisies en 4 seuns) van grade 10 tot 12, en vyf onderwysers (4 dames en 1 man) was. Die voordeel van doelgerigte steekproef is die effektiewe inligting wat verkry word deur die groep te bestudeer wat die fenomeen al beleef het (Patton, 1990).

Patton (1990) maak die volgende aanbevelings ten opsigte van steekproefgrootte:

> to the point of redundancy....In purposeful sampling the size of the sample is determined by informational considerations. If the purpose is to maximise information, the sampling is terminated when no new information is forthcoming from new sampled units; thus *redundancy* is the primary criterion.

Die getal deelnemers word dus bepaal deur die versadigingspunt van data en in hierdie studie is versadigingspunt bereik toe sekere temas herhaaldelik by die deelnemers voorgekom het.
Volgens Moustakas (1994) is daar nie 'n spesifieke kriterium wanneer dit kom by die kies van die ondersoekgroep nie. Algemene faktore soos geslag, ras en ouderdom is in ag geneem (*In* Rothmann, 2000). Deelnemers is op grond van die volgende kriteria gekies:

- Die fenomeen wat nagevors word is al persoonlik beleef.
- Verbale kommunikasie is noodsaaklik om sodoende hulle denke en gevoelens met betrekking tot die fenomeen wat nagevors word, duidelik te kan uitspreek.
- Bereidwilligheid om aan die navorsing deel te neem en 'n openheid teenoor die navorser is belangrik.

**Data-insamelingsprosedure**

'n Onderhoud, gebaseer op fenomenologiese beginsels, is gebruik om deelnemers se belewing van die huidige situasie in beroepsvoorligting te bepaal. Die respondente is ook die geleentheid gegun om hul eie unieke behoefte aan beroepsvoorligting weer te gee (vergelyk Rothmann, 2000).

Tydens die onderhoud het die navorser op 'n een-tot-een basis inligting rakende menings ingewin deur van opheldering, opsommings, refleksie, stimulering en die stel van vrae gebruik te maak. Die navorser kry dus die geleentheid om onsekerheid uit te klaar en kry ook meer effektiewe respons as gevolg van die persoonlike kontak (Rothmann et al., 1998). In-diepte onderhoudvoering word gebruik om op 'n meer informele wyse inligting in te win. Dit word beskryf as "'n gesprek met 'n doel". Die doel is om die deelnemer se siening van sy/haar belewing van die fenomeen te verkry, en nie die navorser s'n nie (Marshall, 1995). 'n Ongestruktueerde onderhoud behels dat die navorser nie 'n vasgestelde stel vrae het wat sy stel nie. Ongestruktureerde onderhoude was in die studie gebruik en die onderhoudvoerder kon die vrae stel soos sy verkies en die respondent (deelnemer) kon dit beantwoord soos hy/sy wou. Volgens Mitchell

(1996) word hierdie metode in verkennende studies verkies. Alhoewel die navorser van ongestruktureerde onderhoude gebruik gemaak het, het deelnemers by tye nie genoegsame inligting met die beantwoording van vrae weergegee nie en het die navorser dit soms nodig geag om meer gestruktureerde vrae te stel om die antwoorde te verifieer.
Die navorser het so ver moontlik oop-einde vrae gestel wat gebaseer is op die onderwerp van bespreking. Volgens Neuman (1998) is daar ook die volgende voordele aan sulke oopeindevrae verbonde:

- Onbeperkte hoeveelheid antwoorde.
- Deelnemers kan gedetailleerde antwoorde verstrek.
- Onverwagte bevindinge kan ontdek word.
- Toepaslike antwoorde op komplekse kwessies word verskaf.
- Dit laat kreatiwiteit en selfekspressie toe.

Die nadeel is dat die tipe onderhoudsvoering meer tyd in beslag neem wanneer dit kom by data-ontleding. Verskillende vrae lok verskillende antwoorde uit en moet die navorser dus deeglik ondersoek instel na die verskillende temas wat na vore gekom het (Patton, 1990). Voordat daar met die onderhoud begin is, is die respondent op sy/haar gemak gestel sodra hy/sy vir die onderhoud aanmeld. Die gemak van die deelnemer is baie belangrik om te verseker dat hy/sy haar in sy/haar "wêreld" inlaat (Patton, 1990). Die onderhoudvoerder het ook kortliks inligting oor haarself en die doel van die onderhoud verskaf. (*vergelyk* Rothmann, S. et al., 1998). Patton (1990) beveel aan dat die navorser aan die deelnemers kommunikeer watter inligting benodig word en waarom die inligting belangrik is, sodat seker gemaak kan word dat die deelnemers weet wat om te verwag sodat hulle hulle daarop kan voorberei om hulle gedagtes en gevoelens oor die onderwerp te kan formuleer.

Na die inleidende gedeelte van die onderhoud is 'n oopeindevraag aan die deelnemers gestel waarop hulle kommentaar kon lewer oor hul belewing van beroepsvoorligting (Rothmann, 2000). Dit is belangrik dat die onderhoudvoerder die hele proses fasiliteer en in beheer van die onderhoud bly. Beheer word uitgeoefen deur (1) te weet waarna jy

op soek is, (2) die vrae sodanig te stel sodat die verlangde respons gegee word, en (3) deur die regte verbale en nie-verbale terugvoer aan die deelnemer te gee (Du Toit, 2000). Aan die einde van die onderhoude, waarin die navorser se data-insamelingsbehoeftes bevredig is, is die deelnemer bedank vir sy/haar deelname (Patton, 1990). Die periode na die onderhoud is van kardinale belang wat geldigheid en betroubaarheid betref. Die eerste stap na die onderhoud is om seker te maak dat die kwaliteit van die opname goed is. Sou daar enige probleme wees ten opsigte van die betekenis van uitinge, is dit moontlik en noodsaaklik om net by die deelnemer duidelikheid te kry daaroor (Patton, 1990).

**Dokumentering van data**

Bandopnames is gebruik om seker te maak dat geen inligting verlore gaan nie. In kwalitatiewe navorsing is dit noodsaaklik dat die werklike woorde van die deelnemer verkry word. Bandopnames gee aan die navorser die geleentheid om op die deelnemer te fokus, wat tegelykertyd ook die betroubaarheid van die inligting verhoog (Patton, 1990). Die bandopname van die onderhoud is verbatim getranskribeer, sodat inligting wat ingewin is, ontleed kon word. Bandopnames verleen meer geldigheid aan die data wat ingesamel word en dit is belangrik om goeie kwaliteit opnames te verseker (Kerlinger, 2000). Dit is belangrik om oorspronklike aanhalings weer te gee en om duidelikheid te kry oor die deelnemer se mening (Patton, 1990).

Patton (1990) is van mening dat die impak en etiek van onderhoude in ag geneem moet word:

> Because qualitative methods are highly personal and interpersonal, because naturalistic inquiry takes the researcher into the real world where people work and live, and because in-depth interviewing opens up what is inside people – qualitative inquiry may be more intrusive and involve greater reactivity than surveys, tests, and other quantitative approaches.

Ten einde 'n vertrouenswaardige studie weer te gee, het die navorser dwarsdeur die studie die volgende kwessies rakende die betroubaarheid en geldigheid van die studie in oorweging geneem. Woods en Catanzaro (1988) stel die volgende kontrolemaatreëls voor om die betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe studies te verseker:

- Identifisering en verduideliking van die navorser se rol in die navorsingopset.
- Beskrywing van die ontwikkeling en inhoud van die navorser se rol namate die studie ontvou.
- Gelykstelling van deelnemers wanneer keuses oor wie moet deelneem, gemaak word.
- 'n Presiese beskrywing van die situasie, asook die metode van data-insameling, -ontleding en -interpretering.
- Die volledige afneem van aantekeninge van die ervarings en gevoelens (belewing) van die deelnemers.
- Outentieke rapportering van temas aan die hand van woorde wat deur respondente gebruik is.
- Die gebruikmaking van 'n kodering-herkoderingsproses tydens die ontleding van die navorsingsdata.
- Die opstel en liassering van die veldnotas so gou doenlik na afloop van die data-insamelingsfase, sodat verseker kan word dat die sosiale, interpersoonlike en fisiese konteks buite rekening gelaat word.
- Die spesifisering van die strategieë wat gebruik word om die inligting in te win, te analiseer en te rapporteer.
- Die verbatim-transkripsies van onderhoude wat op band opgeneem is.
- Die identifisering van herhalende en sikliese veranderinge wat as bronne van verandering bestempel kan word, veral as die inligting oor 'n tydperk heen ingewin word.
- Die vergelyking van die ingesamelde data met teorieë en analitiese modelle wat in die vakliteratuur beskikbaar is.
- Konstante vergelykende analise en geldigheidstoetse met die deelnemers.
- Aanmoediging van die deelnemers as kenners van die navorsingsonderwerp.

Goeie skryfvaardighede is belangrik by die rapportering van bevindinge. Die doel is om die realiteit wat bestudeer is, weer te gee (Moon et al., 1990). Die inligting verkry uit die onderhoude is in verskillende tabelle opgeteken.

**Analisering en interpretering van data**

Die doel van 'n kwalitatiewe ondersoek is om bevindinge te ontwikkel. Data-analisering en -interpretering word gedoen deur sin te maak uit wat gesê is, patrone te identifiseer, dit wat gesê is te organiseer en dit wat gesê is, te integreer (Patton, 1990).

Data-analisering is die proses wat plaasvind om struktuur, orde en betekenis te gee aan die massa inligting wat ingewin is (Marshall & Rossman, 1995). Inligting wat ingewin is kan vergelyk word met literatuurstudie en vooraf vasgestelde hipoteses. Alvorens die data-analisering gedoen kan word, is dit belangrik om seker te maak dat die navorser al die data beskikbaar het, tevrede is met die kwaliteit van die transkripsies en al die onsekerhede uitgeklaar is (Patton, 1990). Dit is belangrik om seker te maak dat die data nie verdraai word of in "beter" taal verwerk word nie. Die oorspronklike data moet veilig gestoor word.

Die navorser het die volgende riglyne van Marshall en Rossman (1995), Rothmann (2000) en Du Toit (2000) tydens die data-ontledingsproses in ag geneem:
Eerstens het die navorser die data herhaaldelik gelees om seker te maak sy verstaan dit en is op haar gemak daarmee. Die proses het bygedra tot die organisering van data. Daarvolgens is gepoog om kategorieë, temas en patrone te ontwikkel waarin die data ingedeel kon word. Die fase was een van die moeiliker, komplekser, aangename en kreatiewe fases van data-ontleding. Na gelang die data gesorteer is, is die hipoteses met die data getoets. Die data is vir geldigheid, bruikbaarheid en geskiktheid geëvalueer, en daarvolgens het die navorser 'n besluit geneem oor die bruikbaarheid van die data. Die navorser het ook vasgestel of die data die kern uitmaak van die fenomeen wat bestudeer word.

Ondersoek is ingestel na moontlike verduidelikings van die data en vir die verband tussen die data. Die doel van die data-ontleding was om die inhoud en kompleksiteit van die betekenis wat die deelnemer aan sekere dinge heg, te probeer verstaan. Verbatim-aanhalings is verstrek om die geldigheid van die data soos deur die deelnemers weergegee, te ondersteun. Bogdan en Biklen (1998) is van mening dat die weergee van die data op twee maniere gedoen kan word. In die studie is van albei metodes gebruik gemaak. Die navorser het óf 'n standpunt gestel en daarna die deelnemers aangehaal om die standpunt te ondersteun óf haar eie interpretering met die direkte woorde van die deelnemers vermeng en weergegee. Laastens is 'n verslag geskryf waarin 'n teoretiese bespreking gedoen is en die data wat ingesamel is in verband gebring met die teoretiese raamwerke (Du Toit, 2000). Die navorser integreer en gee, by wyse van 'n beskrywende struktuur, 'n samevatting van die verworwe insig wat aan ander navorsers beskikbaar gestel word vir bevestiging en/of kritiek. Die skryf van die verslag tydens 'n kwalitatiewe studie kan nie van die analisering geskei word nie, aangesien die navorser interpreteer, redeneer, en vorm en betekenis gee aan die massa data wat ingesamel is (Marshall, 1995).

Gedurende die verskillende fases van data-ontleding is die bruikbaarheid en egtheid van die kwalitatiewe studie in gedagte gehou. Aandag is gegee aan die navorser se rol tydens die ondersoek en aan watter invloed sy op die studie kan hê. Analise is dus die uiteensetting van al die dele van die hele studie met die doel om kennis te verkry. Analisering isoleer die konstitutiewe veranderlikes wat van toepassing is vir die verstaan van 'n verskynsel of gebeurtenis (Mouton et al., 1990).

Die navorser het daarom weer die bestaande literatuur oor beroepsvoorligting gelees asook ander belanghebbende inligting, en begin om korrelasies te trek tussen die bestaande literatuur en die temas wat uit die data verkry is. Kwalitatiewe navorsing is betreklik buigsaam ten opsigte van die wyse waarop die bevindinge en die bespreking van die korrelasies tussen die bevindinge en verbandhoudende literatuur weergegee word (Smith et al., 1995), en die navorser het dit in gedagte gehou terwyl sy die verhouding tussen die temas en die bestaande literatuur bespreek het.

## RESULTATE

Die leerders en onderwysers van die betrokke skool se belewing en beskrywing van beroepsvoorligting word vervolgens ontleed en beskryf. Die resultate van die onderhoude is geprioritiseer en gekwantifiseer op grond van die aantal deelnemers wat dieselfde aspek ervaar en beskryf het, en word aangebied ten opsigte van die belewinge van die leerders en onderwysers. Die leerders (Tabel 1) en onderwysers (Tabel 2) se resultate word afsonderlik uiteengesit.

Tabel 1
*Leerders se Belewing van Beroepsvoorligting*

| TEMA | AANTAL PERSONE (n=10) | RANGORDE |
|---|---|---|
| **LEERDERS TOON AAN DAT HULLE BEROEPSVOORLIGTING BELANGRIK AG EN `N BEHOEFTE DAARAAN HET.** | | |
| • Leerders gee te kenne dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en `n behoefte daaraan het. | 10 | 1.5 |
| **LEERDERS MEEN HUIDIGE BEROEPSVOORLIGTINGPERIODES SPREEK NIE HUL BEHOEFTES AAN NIE** | | |
| • Leerders meen dat die huidige beroepsvoorligtingperiodes nie hul behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting aanspreek nie. | 10 | 1.5 |
| • Periodes geskeduleer vir beroepsvoorligting word gebruik om akademiese verpligtinge na te kom. | 3 | 9 |
| **LEERDERS DUI AAN DAT HULLE SPESIFIEKE BEHOEFTES TEN OPSIGTE VAN BEROEPSVOORLIGTING HET** | | |
| • Leerders toon `n behoefte aan praktiese ervaring en blootstelling aan beroepe | 5 | 6 |
| • Leerders meld dat hulle baat daarby sal vind as onderwysers by hul skool leiding aan hulle sal gee ten opsigte van vak- en beroepskeuses. | 7 | 5 |
| • Leerders toon `n behoefte aan meer inligting oor verskillende beroepsvelde en die wêreld van werk | 9 | 3 |
| • Leerders toon 'n behoefte aan selfkennis en lewensvaardighede | 4 | 7.5 |
| **LEERDERS MEEN DAT HUL PORTUURGROEP APATIES STAAN TEENOOR BEROEPSVOORLIGTING** | | |
| • Leerders meen dat hulle portuurgroep apaties staan teenoor beroepsvoorligting | 4 | 7.5 |
| **OUERHUISE HET VOLGENS DIE LEERDERS 'N INVLOED OP LEERDERS SE BEROEPSKEUSES** | | |
| • Ouerhuise het volgens die leerders 'n invloed op leerders se beroepskeuses | 8 | 4 |

In Tabel 1 is die behoeftes en temas wat tydens die onderhoude na vore gekom het, uiteengesit. Tydens die weergee van leerders se data is die verifieerbaarheid van die kwalitatiewe resultate in gedagte gehou. Indien die data op 'n ander wyse as die onderstaande weergegee sou word, sou daar volgens die navorser waardevolle inligting verlore gegaan het (vergelyk Du Toit, 2000).

## A) DIE LEERDERS SE BELEWING VAN BEROEPSVOORLIGTING

Die leerders se beroepsvoorligtingsbehoeftes is bepaal deur van individuele onderhoude gebruik te maak en word in Tabel 1 weergegee. Uit die onderhoude het die volgende temas na vore gekom en die leerders het hulle menings oor en belewinge van beroepsvoorligting uitgespreek.

**Belangrikheid van beroepsvoorligting**

- *Leerders gee te kenne dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte daaraan het.*

Een van die temas wat die meeste onder die leerders voorgekom het, was dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte daaraan het (rangorde 1.5). Agt deelnemers het bogenoemde pertinent gesê en twee ander het 'n duidelike aanduiding daarvan gegee. Leerders gee te kenne dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte daaraan het. Dit word deur die volgende stellings gestaaf: "...beroepsvoorligting is belangrik veral as jy nog op skool is, want jy kan nog nie regtig besluit wat jy moet doen of waarheen jy moet gaan ...", "...I think (career guidance) it is important...", "...Dit is belangrik om voorligting te doen...", "...Ek dink dit is belangrik dan kan 'n mens sien waarheen jy gaan...", "(beroepsvoorligting)...'n guide om jou vorentoe te stuur dat jy weet waarna toe jy oppad is...".

Die behoefte aan leiding en behoorlike beroepsvoorligting kom na vore. Leerders gee 'n aanduiding daarvan dat hulle by beroepsvoorligting sal kan baat vind, aangesien dit hulle leiding sal kan gee met betrekking tot toekomsideale. Leerders is van mening dat beroepsvoorligting hulle meer duidelikheid sal gee oor "waarheen is ek oppad"

(toekoms). Leerders maak stellings soos: "...jy moet weet waarheen jy oppad is (watter doelwitte jy het)...", "...dit is nodig om te weet oor jou toekoms, oor loopbane en waarna toe jy oppad is...", "...ek wil weet waarheen gaan ek eendag in die lewe...watter werk ek gaan ek doen...", "...dan kan 'n mens sien waarheen jy gaan (ten opsigte van 'n loopbaan)...", "...as jy iets wil word in die lewe is dit nodig dat jy jou geleerdheid eerste moet sit...".

Uit die leerders se stellings kom dit duidelik na vore dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte daaraan het. Hierdie behoefte aan beroepsvoorligting is ook 'n aanduiding daarvan dat dit baie moeilik is om 'n wyse beroepskeuse te maak as daar nie genoegsame tyd en energie daaraan bestee word nie. Literatuur (Education for all, 1997; Jacobs, 2002; Marais, 1993 en SA, 1998) bevestig die leerders se stellings want dit wil daarin voorkom of dit noodsaaklik is om 'n beroepsvoorligtingsprogram saam te stel wat gegrond is op die leerders se behoeftes om sodoende te verseker dat die beroepsvoorligtingsprogram suksesvol is. Daar bestaan 'n groot behoefte aan bevredigende beroepsvoorligting, dus is die beskikbaarheid van beroepsinligting baie belangrik (Akhurst et al, 1999). Die stellings korreleer met Narsee (1999) se bevinding, naamlik dat die arbeidsmag deur die vaardighede van leerders beïnvloed word aangesien hulle die toekomstige arbeidsmag is. 'n Beroepsvoorligtingstelsel wat ingestel is op die ontwikkeling van 'n arbeidsmag met die basiese vaardighede is dus noodsaaklik.

**Die huidige beroepsvoorligtingklasse**

- *Leerders meen dat die huidige beroepsvoorligtingperiodes nie hul behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting aanspreek nie.*

Die tweede tema (rangorde 1.5) wat na vore gekom het is die feit dat die leerders ontevrede is met die huidige beroepsvoorligtingperiodes omdat hulle behoeftes nie aangespreek word nie. Die leerders dui voorts aan dat die huidige beroepsvoorligting onvoldoende is omdat ander onderwerpe eerder in die klas bespreek word. Stellings soos die volgende staaf die tema: "...career we don't touch to much...", "...(doen beroepsvoorligting)...net as ons kans kry...", "...we have a guidance period...teacher is

barely there. We have no guidance at all...", "I find it very difficult (the current situation in the class)...they should consider our outside lifes...", "...I'm not happy...", "...selfs die onderwyser wat dit aangebied het, het vir ons gesê dis 'n vak wat baie nagelaat word...", "Daar is nie regtig beroepsvoorligting by die skool nie, nie beroepskeuses en so aan nie...", "...beter om in die klas te praat oor wat jy wil doen as om net huiswerk te doen...", "...ek het nie die beroepsinligting nie en is nie seker van my saak nie..."

Volgens die leerders word daar min tot geen beroepsvoorligting in die geskeduleerde periodes gedoen nie en word beroepsvoorligting baie afgeskeep. Die lys struikelblokke wat in die weg van effektiewe beroepsvoorligting lê, is lank en dit bring mee dat min of geen aanbieding van bevredigende beroepsvoorligting plaasvind nie (Modise, 1997). In vorige studies het dit ook na vore gekom dat leerders ontevrede is met beroepsvoorligting. Die volgende behoeftes en probleme ten opsigte van beroepsvoorligting het na vore gekom:

- 94% matrikulante ervaar probleme met betrekking tot beroepskeuses;
- 90% hoërskoolleerders ervaar ernstige loopbaanbeplanningsprobleme;
- Die behoefte aan hulp en ondersteuning in beroepsvoorligting is veel groter by leerders uit agtergestelde gemeenskappe as by blanke leerders.
- Leerders het 'n behoefte aan vaardighede en hulp as dit kom by werksoek (Manganyi, 1997).

- *Periodes geskeduleer vir beroepsvoorligting word gebruik om akademiese verpligtinge na te kom.*

Dit blyk dat die geskeduleerde periodes gebruik word om akademiese verpligtinge na te kom (rangorde 9). Dit word gestaaf deur die volgende aanhalings: "Niks, ander vakke (word in die beroepsvoorligtingperiode behandel)...moes opmaak vir daai tyd (ander vak wat nie op datum is)", "omdat ons klas nog nie juis voorligting vir die jaar gehad het...as ons voorligting toe gaan is dit maar Engels", "In the guidance period we do only English and then guidance", "...at this school you only get taught the academic subjects. There's no guidance here", "...hulle (onderwysers) gee ons tyd om ander werk (in die beroepsvoorligtingperiode) te doen."

Die leerders dui aan dat die geskeduleerde periodes nie vir beroepsvoorligting gebruik word nie, wat aansluit by Akhurst en Mkhize (1999) se mening, naamlik dat beroepsvoorligting in baie skole gebruik word as 'n periode om personeel se roosters mee vol te maak en dat daar ook 'n tekort aan opgeleide personeel is. Dit het tot gevolg dat eksamenvakke meer aandag geniet en beroepsvoorligting afgeskeep word en dit wil voorkom of dit ook van toepassing is op die betrokke skool. Vir sommige onderwysers is die beroepsvoorligtingperiode net 'n periode om kinders te beïnvloed en hulle van sy/haar siening te oortuig. Vir ander is dit 'n irriterende periode waartydens hulle net "iets" moet doen om die periode om te kry. Vir nog ander is dit 'n totale vermorsing van tyd, met die gevolg dat die periodes gesien word as 'n huiswerkperiode. Beroepsvoorligting is veronderstel om baie belangrik geag te word en in die selfde lig gesien te word as ander akademiese vakgebiede (Career Guidance & Counselling, 2000). Alhoewel beroepsvoorligting belangrik is, is opvoeding en onderrig in skole en kolleges tans nie van 'n baie hoë peil nie. Daar word te veel gefokus op teorie en akademie en hulle is geheel en al uit voeling met die leerders se behoeftes en die arbeidsmark (SA, 1998).

**Leerders dui aan dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het**

- *Leerders toon 'n behoefte aan praktiese ervaring en blootstelling aan beroepe*

Uit die onderhoude blyk dit dat die leerders 'n behoefte aan praktiese ervaring en blootstelling het (rangorde 6). Die meeste leerders voel dat die blootstelling aan verskillende beroepe hulle in staat sal stel om die wêreld van werk beter te verstaan en meer ingeligte besluite te kan neem. Enkele opmerkings deur die leerders staaf hierdie stellings: "...ons het na die universiteit (ope dag) gegaan...kyk wat gaan daar aan. Wat word vereis ensovoorts, ek dink dit was nogal goed gewees...kan sien of daai beroep vir jou is...", "...voorligting onderwysers moet prakties uitgaan en vir die kinders gaan wys...", "I just want to be exposed firstly...", "Gee die kind soveel exposure as wat hy kan kry...", "...om dit self te sien en te doen gaan jou leer", "Ek het na die hospitaal gegaan (om vas te stel wat die realiteit is)...as daar sulke klasse was sou die kinders meer belangstel.", "...ek sal verkies om 'n veearts in die klas te hê, net om met hom te

praat en te hoor hoe voel dit om regtig een te wees.", "...om dit (beroepe) prakties te sien is beter en dan verstaan jy ook meer".

Leerders is van mening dat praktiese blootstelling aan beroepe hulle loopbaanbeplanningsproses sal vergemaklik en hul beroepskeuses sal beïnvloed (http://www.schoolguide.co.za). Voorstelle wat in literatuur gemaak word, is dat leerders as deel van die loopbaanbeplanningsproses moet betrokke raak by die belangstellingsveld. Cell C het die inisiatief aan die dag gelê 'n "Take a girl child to work"-dag te reël waardeur leerders blootstelling kry aan die wêreld van werk. 'n Voorbeeld is dat, as die leerders daaraan dink om prokureur te word, hulle 'n dag lank saam met 'n prokureur deurbring en fisies sien wat die beroep behels en waaruit 'n tipiese dag in die lewe van 'n prokureur bestaan (Workplace, 2003). In baie lande word van die standpunt uitgegaan dat daar gefokus moet word op die leerders se ontwikkeling wat geletterdheid, numeriese vaardighede, wetenskapskennis ensovoorts betref, maar hulle het nie besef dat die behoefte bestaan om leerders voor te berei op die wêreld van werk en die verhoudings waarmee leerders as volwassenes te doen gaan kry nie. In die dokument Career Guidance and Counselling (2000) word bogenoemde stellings ondersteun deurdat voorstelle daarin gemaak word dat leerervarings geskep moet word. Daar kan van ervaringsleer gebruik gemaak word, onder andere rolspel waardeur die leerders hulleself in die toekoms rolspeel en deur middel van die leerervaring 'n paar aspekte aanleer en ervaar.

- *Leerders meld dat hulle baat sou vind daarby as onderwysers by hul skool leiding ten opsigte van vak- en beroepskeuses aan hulle sou gee.*

Dit blyk dat sommige leerders van mening is dat die onderwysers wat aangestel word in die pos as voorligtingonderwyser nie noodwendig opgelei en opgewasse is vir die taak nie, en nie die nodige leiding ten opsigte van vak- en beroepskeuses gee nie (rangorde 5). Sewe leerders gee te kenne dat hulle baat daarby sou vind as onderwysers leiding ten opsigte van vak- en beroepskeuses aan hulle sou gee. Stellings soos die volgende staaf die tema: "Onderwyser vra ons 'Wat dink julle moet ons oor praat?'... dan word daar weer oor dieselfde en gewone onderwerpe (seks, dwelms ens) gepraat.", "Die

onderwysers moet weet waarvan hulle praat en hoe hy (beroepsvoorligting) dit moet aanbied.", "As dit 'n persoon is wat weet oor loopbane dan moet hulle die kinders leer.", "Hulle (onderwysers) sien nie die erns van die saak nie.", "Die hele manier hoe beroepsvoorligting aangebied word, moet verander...", "As dit 'n persoon is wat weet oor loopbane dan moet hulle die kinders leer.", "...kry nie regtig (beroepsleiding) leiding by die juffrou..."

'n Behoefte aan leiding wanneer dit kom by vakkeuses, blyk ook duidelik: "... hulle (onderwysers) wil eers in matriek wakker skrik...as jy van plan is om in daai rigting te gaan moet jy regtig nou begin om jou sokkies op te trek en jy het hierdie en hierdie vakke nodig hê.", "Baie matrikulante kry nie werk nie, omdat hulle nie die regte vakke gehad het om hulle drome te volg nie.", "Dan kan jy ook sien of daai beroep wat jy wil gaan swot vir jou regtig is.", "In standerd 7 of 8 moet onderwysers ....as jy die rigting in gedagte het het jy hierdie en hierdie vakke nodig..."

Leerders gee te kenne dat hulle nie die nodige beroepsleiding en ondersteuning van die onderwysers ontvang nie. Daar is onderskeidelik melding gemaak van 'n behoefte aan onderwysers met die nodige kennis oor die verskillende beroepe, van die metode waarvolgens beroepsvoorligting aangebied word en van die feit dat onderwysers nie voldoende toegerus is om hulle met vak- en beroepskeuses by te staan nie. Onderwysers se vermoë om leerders te help met vakkeuses kan beïnvloed word deur die beperkte vakkeuses waaruit gekies moet word en Akhurst en Mkhize (1999) bevestig die stelling met hulle bevinding dat die proses deur middel waarvan besluit moet word watter vakke geneem moet word, ook beïnvloed word deur die feit dat leerders nog in die beginfase van hulle loopbaan verkeer en dus oningeligte vakkeuses maak. Jackson (persoonlike kommunikasie, Junie 14, 2002) voer ook aan dat die beperkte vakkeuses 'n groot probleem by die betrokke skool is en dat die leerders nie noodwendig effektiewe beroepskeuse kan maak met die inligting en vakkeuses tot hulle beskiking en hulle heel waarskynlik leiding nodig het. Volgens Maree (2000) is dit die onderwyser se taak om die leerder te help om 'n plan van aksie uit werk om sodoende sy/ haar beroepsuitdaging te aanvaar.

Hierdie stellings sluit aan by Van Heerden (1991) wat meen dat leerders deur die beroepsvoorligtingsprogram gehelp word om 'n realistiese beroepskeuse te maak. Leerders moet tydens beroepsvoorligting ingelig word oor die verskillende beroepsmoontlikhede en die belangrikheid van die regte vakkeuses. Jacobs (2002) is van mening dat dit dus belangrik is om in 'n vroeë stadium reeds effektiewe beroepsvoorligting en loopbaaninligting aan leerders te voorsien. Alle leerders moet 'n geleentheid gegun word om deel te hê aan opleiding en onderrig en daarom moet alle moontlike hulpbronne en materiaal tot hulle beskikking wees. Indien van toepassing, moet hulp verleen word om die nodige hulpbronne te bekom (Education for all,1997).

- *Leerders toon 'n behoefte aan meer inligting oor verskillende beroepsvelde en die wêreld van werk*

Leerders dui aan dat hulle meer wil weet aangaande die verskeidenheid beroepe wat bestaan en wat elkeen behels (rangorde 3). Die behoefte aan inligting oor beroepe en die wêreld van werk word deur die volgende bewoordings gestaaf: "...riglyne om te sê dit word so en so gedoen, ...byvoorbeeld as jy onderwys wil gaan swot moet jy dit en dit doen...", "If someone can come and tell us more about careers.", "Most students does not always know the different fields...we need to get the alternatives then.", "...what to study, what you should do when you quit school..."

Hierdie stellings en behoefte van die leerders korreleer met Van Heerden (1991) en Akhurst (1999) se opmerking, naamlik dat dit baie belangrik is om toegang te hê tot resente en relevante beroepsinligting en dat die toepas van beroepsinligting van kardinale belang is as dit kom by die maak van 'n beroepskeuse. Die stelling stem ook ooreen met Moodley (2002) se mening, naamlik dat alle leerders, ongeag hulle vlak van opvoeding, kwaliteit opvoeding en opleiding verdien om so ook te verseker dat hulle die geleentheid het tot lewenslange leer, die wêreld van werk en ook sodat hulle 'n betekenisvolle bydrae in die gemeenskap kan lewer. Resente literatuur dui aan dat leerders ontnugter raak oor die werklikheid van die wêreld van werk. Die aanname kan gemaak word dat daar 'n groot diskrepansie voorkom tussen hulle verwagtinge van hoe die wêreld van werk behoort te wees en die werklikheid daarvan (Career Guidance &

Counselling, 2000). Gitterman (1995) maan onderwysers om die belangrikheid van leerervaringe buite die skoolgebied raak te sien en aandag daaraan te skenk. Sodoende verseker hulle dat die leerders se oorgang van "skool" na die "wêreld van werk" suksesvol geskied.

Watson en Nqweni (1999) spreek ook die probleme van 'n agtergestelde gemeenskap aan, wat heel moontlik ook op die betrokke skool van toepassing is. Volgens hulle wil dit voorkom of daar in 'n onderdrukte gemeenskap waar werkloosheid hoog is en akademiese aspirasies laag, die beroepskeuses ook beperk is en die voorsiening van genoegsame inligting baie belangrik is. Kurrikulum 2005 probeer die probleem aanspreek. Kurrikulum 2005 is die raamwerk wat deur die regering voorgestel en geïmplementeer is vir die eerste tien skooljare van 'n leerder. Dit is 'n weldeurdagte raamwerk wat fokus op die leerders en op hulle toekoms. Die doel hiervan is ook om leerders voor te berei op die lewe na skool, die nodige vaardighede en waardes aan hulle oor te dra wat hulle in staat sal stel om 'n bydrae in hulle gemeenskappe te lewer (Manganyi, 1997). Volgens die Minister van Onderwys, Professor Asmal, loop die kurrikulum hand aan hand met die realiteite van die wêreld van werk. Volgens Asmal (persoonlike kommunikasie, Februarie, 2000) word daar gepoog om 'n basis te vestig wat later vir leerders van groot waarde gaan wees. Die doel is ook om leerders met lewensvaardighede, wat 'n betekenisvolle bydrae in hulle lewens kan maak, toe te rus.

- *Leerders toon 'n behoefte aan selfkennis en lewensvaardighede:*

'n Ander tema wat na vore gekom het is die leerders se behoefte aan selfkennis en lewensvaardighede (rangorde 7.5). Vier leerders gee te kenne dat hulle 'n behoefte aan selfkennis of lewensvaardighede het. Stellings soos die volgende staaf die tema: "...want to learn how to cope with things when you get into the real world...", "I want to be somebody. If we had guidance this would have been easier...", "Accepting yourself. Teaching people to accept and love themselves...be proud of who they are",, "Probeer om die kind te help om hom of haar uit te figure. Is ek 'n introvert of 'n ekstrovert. Waar pas ek in?",, "...praat oor keuses...terwyl hulle (leerders) jonk is...anders voel hulle net depressed omdat hulle nie hulle droom gevolg het nie...".

Leerders toon 'n behoefte daaraan om meer aangaande hulleself te leer en 'n behoefte aan selfeksplorering met die doel om vas te stel wie en wat hulle is. Twee leerders verwys daarna: "Dit is nodig om te weet wat jy wil word. Elkeen het 'n doelwit...", "...jy moet kan weet waarheen is jy oppad (wat jou ideale en drome is)...".

Hierdie stellings korreleer met Van Heerden (1991) se opvatting dat leerders in beroepsvoorligting behoort te leer om tot 'n realistiese selfbegrip en selfinsig te kom. Dit wil sê sy/haar eiewaarde, moontlikhede en beperkinge te ontdek. Die leerders moet gehelp word om hulleself te verstaan en te aanvaar soos hulle is. Volgens Turner (1994) moet die wêreld van werk deur die leerders verken word en hulle verantwoordelikheid vir hulle optrede aanvaar. Selfbeoordeling stel jou in staat om bewus te word van jou beperkinge en om jou potensiaal te ontgin.

Leerders se behoefte aan selfkennis word in die literatuur bevestig. Die literatuuur weerspieël dat die inhoud van die meeste beroepsvoorligtingprogramme 'n studie na die self (selfondersoek en selfkennis) behels om sodoende te probeer vasstel wat die persoon se voorkeure, drome en ideale is. Beroepsvoorligting verskaf dus 'n bewustheid van die self (selfkennis) en die omgewing (beroepskennis) wat 'n persoon toerus om realistiese loopbaandoelwitte te stel (Kruger, 2000). Selfkennis is die eerste stap in die proses van werksoek. As jy nie weet wie jy is, wat vir jou belangrik is, en op watter gebied jy presteer nie, kan jy nie doelgerig werk soek nie en sal jy ook nie weet wat jou sterkpunte is waarmee jy jou kan bemark nie (Berens, 2000). Gitterman (1995) is van mening dat die belangrike komponente en aspekte van effektiewe beroepsvoorligting, bystand ten opsigte van persoonlike groei is, wat daartoe sal lei dat die leerder homself leer ken, geleenthede herken en dit benut.

**Leerders meen dat hulle portuurgroep apaties staan teenoor beroepsvoorligting**

- *Leerders meen dat hulle portuurgroep apaties teenoor beroepsvoorligting staan*

Alhoewel 4 leerders (rangorde 9) getoon het dat hul portuurgroep weinig belangstelling ten opsigte van beroepsvoorligting toon, het hulle egter 'n aanduiding gegee daarvan dat hulle persoonlik positief is oor beroepsvoorligting. Enkele leerders het selfs melding

daarvan gemaak dat hulle hulle vriende positief probeer beïnvloed ten opsigte van sake rakende beroepskeuses. Een leerder maak die volgende steling: "...kleurlinge staan apaties teenoor beroepskeuses...". Twee leerders het daarvan melding gemaak dat finansiële implikasies moontlik in die pad van effektiewe beroepskeuses staan.

Leerders het onder andere die volgende opmerkings gemaak: "...my friends is negative...so I try to motivate them...", "...hulle (leerders) wil eers in matriek wakker skrik en sê die univeristeit verwag dit of dat van my...", "Die leerders stel net nie belang (in beroepsvoorligting) nie...", "...die kinders wat ek van weet, is dit (beroepsvoorligting) vir hulle nie so belangrik nie...", "Ouers, swangerskap, drugs, hulle dink nie ons moet oor onse loopbane praat terwyl ons in matriek is nie.", "They are the kind of people who just come to school for the fun of it...", "...vir hulle (vriende) maak dit (beroepsvoorligting) nie regtig nie saak nie...", "...meer rondom jou vriende, dis die mense met wie jy relate elke dag. Nie een van ons het belanggestel in beroepe en toekoms nie...", "...(leerders) bang vir challenges...julle het mos nie belanggestel nie, dit is julle eie toedoen...", "...meeste kinders hier weet nie waarheen hulle na skool gaan nie...", " ...as jy nie saam met die flow gaan nie, dan is jy uit...", "...helfte van klas sal samewerking gee, en die res sal nie. Ons klas is die vrotste...", "...meeste van my klasmaats dink niks van hulle toekoms nie...", "...ek voel die meerderheid is groepsdruk (wat houding en besluite beïnvloed)..."

Hierdie stellings korreleer met 'n studie van die Universiteit van die Wes-Kaap wat bewys het dat die leerders, van die agtergestelde gemeenskappe, baie min tot geen blootstelling aan beroepsvoorligting kry nie (Nicholas, 1999). Die leerders sal heel waarskynlik nie belang stel in beroepsvoorligting en beroepe nie as gevolg van 'n gebrek aan blootstelling aan 'n verskeidenheid beroepe. Naidu (2000) skryf die verskynsels van lui onderwysers, apatiese leerders en onbetrokke ouers toe aan die ongelyke onderwysstelsel van die verlede.

**Volgens die leerders oefen ouers 'n invloed uit op hulle beroepskeuses**

- *Volgens die leerders oefen ouerhuise 'n invloed uit op hulle beroepskeuses*

'n Volgende tema wat na vore gekom het, is dat leerders van mening is dat ouerhuise 'n invloed het op hulle beroepskeuses (rangorde 4). In die gesprekke noem die meeste van die leerders iets van hulle ouers, hetsy positief of negatief. Die aanname word dus gemaak dat ouers 'n rol speel en 'n invloed uitoefen op leerders se beroepskeuses. Die aanname word deur die volgende verwoordings gestaaf: "Partykeer is dit wat jou ouers vir jou sê: 'ek verwag van jou om 'n dokter te word'. Ouers verstaan nie watter eise word aan ons gestel", "...I want to be someone my parents can be proud of...", "...Ouers speel ook 'n belangrike rol in beroepskeuses....", "(ondersteuning)...my mammie wat ook bel (na kolleges)...baie ondersteuning van die huis af.", "...hulle (ouers) sê hulle soek nie 'n kind wat in die bank met geld wil gaan werk nie. Sy moet iets anders word...", "...my ouma sou my ook aanspoor om dit te doen...", "...want ek wil ook vir hulle proud maak op my eendag ..."

Leerders bevestig die stelling dat ouers en die ouerhuis 'n invloed het op hul beroepskeuses. Bogenoemde aanname dat ouers 'n invloed het op leerders se beroepskeuses word gestaaf deur 'n studie wat gedoen is oor die rol wat ouers by beroepsvoorligting speel en hulle invloed daaroop. In die studie het dit duidelik na vore gekom dat nie eens die skool of onderwysers se invloed op die kind so sterk is as dié van die ouers nie. Ouers speel in die algemeen 'n baie groot rol in kinders se lewens. Selfs al het skole al die hulpbronne en middele tot hulle beskikking om effektiewe beroepsvoorligting aan te bied, kan niks vergelyk met die invloed wat die ouers op die kind se beroepskeuse het en die rol wat hulle daarin speel nie (Hairston, 2000). Jacobs (2002) is van mening dat die ouers en gemeenskap aangemoedig moet word om betrokke te raak by die leerders se opvoeding en onderwys. Die nuwe kurrikulum beklemtoon die feit dat opleiding veel verder strek as die skool. Die huis, gemeenskap en die "wêreld" maak 'n groot deel uit van die kind se leerervaring (Ufundu uze, 2003).

## B) ONDERWYSERS SE BELEWING VAN BEROEPSVOORLIGTING

Onderwysers is genader om vas te stel wat hul belewing van die huidige situasie ten opsigte van beroepsvoorligting is. Die temas wat uit die onderhoude voortgespruit het, word in Tabel 2 weergegee.

Tabel 2

*Onderwysers se belewing van beroepsvoorligting*

| TEMA | AANTAL PERSONE (n=5) | RANGORDE |
|---|---|---|
| **BELANGRIKHEID EN BEHOEFTE AAN BEROEPSVOORLIGTING** | | |
| • Onderwysers toon aan dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en dat daar 'n behoefte aan beroepsvoorligting by hul skole bestaan | 4 | 3.5 |
| **FAKTORE WAT DIE BEROEPSVOORLIGTINGPROSES NEGATIEF BEÏNVLOED** | | |
| • Afwesigheid van beroepsgeoriënteerde rolmodelle, te min inligting oor verskillende beroepsvelde en gebrekkige finansiële ondersteuning beïnvloed die beroepsvoorligtingsproses negatief | 4 | 3.5 |
| • Onderwysers meen dat leerders min of geen ondersteuning van hul ouerhuise ontvang nie | 5 | 1 |
| • Onderwysers besef leerders is oningelig en staan apaties teenoor vak- en beroepskeuses | 4 | 3.5 |
| • Onderwysers meen dat akademiese verpligtinge effektiewe beroepsvoorligting belemmer | 3 | 6.5 |
| **ONDERWYSERS DUI AAN DAT HULLE SPESIFIEKE BEHOEFTES TEN OPSIGTE VAN BEROEPSVOORLIGTING HET** | | |
| • Onderwysers toon aan dat hulle 'n behoefte aan hulpmiddels (byvoorbeeld sillabus/handleiding) het, asook dat hulle inligting oor die verskillende beroepsvelde nodig het | 4 | 3.5 |
| • Onderwysers het 'n behoefte om hulle beter te bekwaam ten opsigte van beroepsvoorligting | 3 | 6.5 |

In Tabel 2 is die behoeftes en temas wat tydens die onderhoude na vore gekom het, uiteengesit. Net soos in die geval van die leerders, is die onderwysers se data vir die

verifieerbaarheid van die kwalitatiewe resultate in gedagte gehou (vergelyk Du Toit, 2000).

**Belangrikheid van en behoefte aan beroepsvoorligting**

- *Onderwysers toon aan dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en dat daar 'n behoefte aan beroepsvoorligting by hul skole is*

Een van die belangrikste temas wat tydens die onderhoude met die onderwysers geïdentifiseer is, is die belangrikheid van beroepsvoorligting (rangorde 3.5). Onderwysers dui aan dat beroepsvoorligting in die skool belangrik en nodig is. Hier volg enkele opmerkings deur die onderwysers wat hierdie tema staaf: "Ek dink dit is een van die mees belangrikste dinge wat moet gebeur by skole...", "...omdat dit (beroepsvoorligting) nie tot sy reg kom nie is daar baie kinders wat na matriek by die huis gaan sit...", "...dit is belangrik in die sin dat dit help om jou rigting te kry in jou lewe...", "...om nie eendag weer swaar te kry nie...".

Onderwysers is van mening dat die leerders 'n groot behoefte het aan beroepsvoorligting. Die onderwysers maak verskeie opmerkings: "Daar is 'n groot behoefte", "...beroepsvoorligting dink ek kan daar 'n groot behoefte wees.", "Vrae (oor beroepe) wat hulle het, word nie by die huis beantwoord nie". Onderwysers behoort in beroepsvoorligting daarna te streef om die kind voor te berei op sy/haar rol as verantwoordelike volwassene (Van Heerden, 1991). Onderwysers moet ingelig word oor die belangrike taak wat hulle as beroepsvoorligtingonderwysers het. Die belangrikheid van effektiewe beroepsvoorligting kan dus nie genoeg beklemtoon word nie. In literatuur oor die nuwe onderwysstelsel en Kurrikulum 2005 word klem gelê op die belangrikheid van effektiewe beroepsvoorligting. Omstandighede en uitdagings in Suid-Afrika laat 'n mens geen ander keuse nie as om die toekomstige arbeidsmag so goed doenlik op die "wêreld van werk" voor te berei. Daarom is dit belangrik om vas te stel hoe effektiewe beroepsvoorligting en loopbaanbeplanning verseker kan word sodat leerders so goed moontlik toegerus kan word vir die kompeterende sakesektor (Manganyi, 1997).

**Faktore wat die beroepsvoorligtingsproses negatief beïnvloed**

- *Afwesigheid van beroepsgeoriënteerdee rolmodelle, te min inligting oor verskillende beroepsvelde en gebrekkige finansiële ondersteuning beïnvloed die beroepsvoorligtingsproses negatief*

Die volgende tema wat na vore gekom het, is omvattend maar dog belangrik. Die onderwysers is van mening dat die afwesigheid van rolmodelle, min beroepsinligtig en gebrekkige finansiële ondersteuning die beroepsvoorligtingsproses beïnvloed (rangorde 3.5). Die onderwysers maak die volgende stellings: "...daar is nie baie beroepsmense nie...", "...die gemeenskap ploeg nie terug in die skool nie...", "Oueraande word nie eers bygewoon nie...".

Volgens die onderwysers bestaan die gemeenskap ook uit 'n groot persentasie werklose mense, en die ouers wat wel werk, het baie basiese werke soos bv. tuiniers, polisiebeamptes en onderwysers. Volgens die onderwysers werk baie ouers weg van die huis af. Die kinders is gevolglik afhanklik van familielede en vriende. Die gemeenskap bestaan nie uit baie professionele mense nie, en die onderwysers meen dat kinders 'n wanindruk van die wêreld van werk kry. Enkele opmerkings van die onderwysers wat die stellings gestaaf het, is die volgende: "...kinders het nie 'n toekomsvisie nie...", "Ek dink ook die probleem is dat hulle nie rolmodel het of ambisie nie..." "...want dit is norm om werkloos te wees...", "...'n groot probleem is dat baie van die ouers ver is en weg werk..."

Hairston (2000) se opvatting is dat kinders gemotiveer en beïnvloed word deur hulle ouers se beroepskeuses en aspirasies. Kinders se ideale en drome word opgebou om dit waaraan hulle blootgestel word en waarvan hulle kennis dra. In 'n Amerikaanse studie het dit duidelik na vore gekom dat swart Amerikaners nog meer beïnvloed word deur hulle ouers wat 'n aanduiding daarvan is dat kultuur ook 'n rol speel. Hierdie stelling korreleer met Akhurst en Mkize (1999) se mening dat die belangrikheid van die gemeenskap se invloed op beroepskeuses duidelik opmerklik is wanneer daar gekyk word na die tipes beroepsrigtings (sosiale en ondersoekende rigtings) wat gekies word.

Moontlike oorsake vir die afwesigheid van beroepsgeoriënteerde rolmodelle kan selfs toegeskryf word aan die geskiedenis van ongelykheid in skole wat daartoe lei dat baie mense, veral in agtergestelde gemeenskappe, ongeletterd en ongeskool is (Manganyi, 1997). Hierdie bevindinge sluit aan by Jacobs (2002) se bevinding dat 90% van die swart leerders in Suid–Afrika steeds skole in agtergeblewe gebiede bywoon.

Wat die gebrekkige finansiële ondersteuning betref, toon statistiek dat armoede tussen alle bevolkingsgroepe voorkom, maar in besonder in die agtergestelde gemeenskappe. Statistiek bevestig dat 61% swartmense en 38% kleurlinge gebuk gaan onder armoede (Office of the Deputy President, 1998, Westcott 2003). Kroukamp (2003) bevestig dat daar 'n korrelasie is tussen vlak van opvoeding en armoede.

- *Onderwysers meen dat leerders min of geen ondersteuning van hul ouerhuise ontvang nie*

Die belangrikste tema wat geïdentifiseer is (rangorde 1), is dat die onderwysers van mening is dat die leerders nie voldoende ondersteuning van die huis ontvang nie. Die onderwysers maak die opmerking dat die ouers nie betrokke by die kind of die skool is nie. Dit word gestaaf deur die volgende uitlatings: "...ouers se betrokkenheid... geen. Geen. Hulle gee net nie om nie...", "...hulle (ouers) is nie op 'n gereelde basis betrokke by die skool en kind nie...", "...daar is baie min ouers wat belang stel...", "onderwyser bring 100% sy kant, maar tog nie die ouers nie." "Ek dink ook nie hulle kry baie ondersteuning van die huis nie. Die oueraand wat rapporte uitgedeel is het slegs sewe van die 47 se ouers dit bygewoon."

Die onderwysers is van mening dat leerders min of geen ondersteuning van hule ouerhuise ontvang nie en sien dit as 'n faktor wat die beroepsvoorligtingsproses negatief beïnvloed. Hierdie stelling korreleer met Jacobs (2002) se opmerking, naamlik dat die ouers en gemeenskap aangemoedig moet word om betrokke te raak by die leerders se opvoeding en onderwys. Die Departement van Onderwys is van mening dat daar 'n vennootskap tussen die ouers en die onderwysers moet wees om te verseker dat die ouers ook insette kan lewer ten opsigte van die beplanning, ontwikkeling en

implementering van 'n effektiewe onderwysplan. Daardeur raak die ouers ook baie meer betrokke by hulle kinders en hulle opvoeding (Education for all, 1997).

Bogenoemde stellings korreleer met Hairston (2000) se mening, naamlik dat dit belangrik is om te besef dat die ouers 'n rol speel by die leerder se beroepskeuse, veral as dit kom by die verstaan van die huidige situasie sowel as die verstaan van die toekoms. Dit is ook nodig om te weet hoe die gemeenskap, en spesifiek die ouers, redeneer oor beroepe, beroepskeuses en beroepsvoorligting, om te kan verstaan wat die moontlike gebreke, probleme en behoeftes is.

- *Onderwysers beleef leerders as oningelig en dat hulle apaties staan teenoor beroepskeuse*

Vier onderwysers was van mening dat leerders oningelig is en dat hulle apaties staan teenoor beroepskeuses (rangorde 3.5), en dit word gestaaf deur die volgende stellings: "...hulle (leerders) is oningelig, omdat daar nie guidance is nie...", "...daar is min kinders wat daaroor (beroepsvoorligting) dink en daarin belang stel...", "...min inligting...ek dink dit is onkunde...", "...onse kinders is ongingelig..."

Hierdie stellings sluit aan by Hairston (2000) se bevindinge dat dit meer as net die leerder is wat by die beroepsvoorligtingsproses betrokke is. Die onderwyser, ouer en gemeenskap speel 'n belangrike rol daarin om die leerders in te lig en te inspireer. Naidu (2000) is van mening dat die ongelykheid in die onderwysstels in die verlede aanleiding kon gegee het tot die apatie by leerders. Tans is die Departement van Onderwys besig om die inhoud van die kurrikulum, primêre en sekondêre opleiding, te verander met die gedagte om lewenslange leer aan te moedig. Die veranderinge bring 'n verskeidenheid uitdagings na vore, onder andere moet die houdings van sowel die leerders as die onderwysers teenoor werk verander (Asmal, 2000).

- *Onderwysers meen dat akademiese verpligtinge effektiewe beroepsvoorligting belemmer*

Dit blyk dat die onderwysers weens ander akademiese verpligtinge nie by beroepsvoorligting uitkom nie (rangorde 6.5). Onderwysers word onder druk geplaas deur die verpligtinge wat hulle het ten opsigte van akademiese vakke. 'n Sillabus moet behandel word en die hoeveelheid tyd wat daarvoor toegestaan is, is net te beperk. Onderwysers bewoord hulle belewinge van die huidige situasie soos volg: "...moeilik dat hulle 'n eksamenvak by my kry en ook voorligting...", "...nou om my rooster vol te maak kry ek beroepsvoorligting as vak.... ek het nog nooit beroepsvoorligting gegee nie...", "...Mens het nie tyd as jy 'n akademiese vak doen om nog voorligting ook te gee..."

Dit wil voorkom of sekere onderwysers dankbaar is vir die ekstra periode en ander ervaar dit weer as 'n las. Hierdie bevindinge sluit aan by Akhurst en Mkhize (1999) se opmerking dat beroepsvoorligting in talle skole gebruik word as 'n vak om personeellede se roosters mee te vul en dat daar ook 'n tekort is aan opgeleide personeel. Dit het tot die gevolg dat eksamenvakke meer aandag geniet en beroepsvoorligting afgeskeep word. Dit wil voorkom of dit volgens die betrokke onderwysers ook die geval is by die spesifieke Sekondêre skool. Soos voorheen bespreek, kan die belangrikheid van beroepsvoorligting nie genoeg beklemtoon word nie. Die onderwysers het dus in hierdie opsig 'n verantwoordelikheid teenoor die leerders (Education for all, 1997; Singh, 2003).

**Onderwysers dui aan dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het**

- *Onderwysers toon aan dat hulle 'n behoefte aan hulpmiddels (byvoorbeeld sillabus/handboek) het, asook dat hulle inligting oor die verskillende beroepsvelde nodig het*

Die volgende tema wat na vore gekom het (rangorde 3.5), is die onderwysers se behoefte aan hulpmiddels en hulpbronne. 'n Gebrek aan die hulpmiddels verhoed die onderwysers om hulle taak te verrig. Enkele opmerkings deur die onderwysers wat die tema ondersteun, is: "...Toeganklikheid tot beskikbare bronne is jou groot probleem..." ,

"Glad nie toegang tot bronne, ek ploeter maar op my eie voort...", "...ek het glad nie bronne wat ek kan gebruik (in beroepsvoorligting) nie, nie een nie...", "...soek inligting maar ons het nie daai inligting om vir hulle te gee nie...", "...as bronne nie beskikbaar is nie, is dit moeilik...", "...(vir huiswerk) gaan lees ekstra boeke ensovoorts, maar dit is net nie moontlik hier nie..."

Dit blyk uit Tabel 2 dat die betrokke onderwysers talle probleme rakende die huidige voorligtingsillabus ondervind. Hulle het onder andere 'n behoefte gehad aan 'n meer definitiewe raamwerk/ struktuur in die sillabus en gee hul huidige ervaring soos volg weer: "Daar is nie 'n sillabus waarvolgens ons werk nie...ons hardloop uit onderwerpe uit...", "...daar is nie 'n sillabus nie...", "...die onderwysers en kinders mors mekaar se tyd omdat die onderwysers nie weet wat hulle moet doen nie en die kinders dan oor enige iets praat...", "...iets konstruktiefs waarmee mens kan werk...", "...as daar 'n raamwerk was...", "...daar is nie eers 'n voorligtinghandboek nie...", "...mens weet nie eintlik wat om te doen nie...". Dit wil voorkom of defnitiewe riglyne die onderwyser se taak sal vergemaklik en een onderwyser stel dit soos volg: "...as ek klaar weet watter werk gaan ek saam met hulle hanteer, dan is dit maklik...".

Wat die behoefte aan hulpmiddels betref, het skole in plattelandse gebiede, volgens Akhurst en Mkhize (1999), die minste hulpbronne, is die onderwysers nie goed genoeg opgelei nie en het hulle leerders die blootstelling aan die wêreld van werk die meeste nodig. Dit wil voorkom of dit volgens die betrokke onderwysers ook die geval is by hulle skool. Dit is belangrik om te weet dat die leerders toegang het tot die regte bronne en inligting om die regte beroepskeuse te kan maak. Onderwysers moet die belangrikheid van leerervaringe buite die skool verstaan, asook daarvan om leiding te gee ten opsigte van besluitnemingstrategie om so te verseker dat leerders die regte keuses maak (Gitterman, 1995). Dit wil voorkom of dit nodig is om 'n gestruktureerde gemeenskapsbetrokke benadering te volg om te verseker dat alle hulpbronne wat in 'n gemeenskap beskikbaar is, gebruik word by die verskaffing en ontwikkeling van onderrig (Education for all, 1997).

Kurrikulum 2005 is die raamwerk wat deur die regering voorgestel en geïmplementeer is vir die eerste tien skooljare van die leerder. Dit is 'n weldeurdagte raamwerk wat fokus op die leerders en hulle toekoms. Dit spreek die onderwysers se behoefte aan 'n sillabus/kurrikulum aan. Die doel is ook om leerders voor te berei op die lewe na skool, die nodige vaardighede en waardes aan hulle te leer wat hulle in staat sal stel om 'n bydrae in die gemeenskap te lewer (http://www.juta.co.za/academic/schools/copy/obe.htm).

- *Onderwysers het 'n behoefte om hulle beter te bekwaam ten opsigte van beroepsvoorligting*

Onderwysers het 'n behoefte aan opleiding (rangorde 6.5), aangesien hulle nie noodwendig in beroepsvoorligting opgelei is: "...Ek het nog nooit voorligting gegee nie...ek gaan daai kinders afskeep...", "...nou en dan weet ek self ook nie wat dit is nie...", "...ek kan 'n klein bietjie net van ondervinding weet...ek het nie die genoegsame inligting...", "...die onderwysers self is onkundig...".

Die onderwyser speel 'n belangrike rol as 'n veranderingsagent in die onderrig-leer - proses. Daar word gesê dat die onderwysstelsel net so ontwikkeld is as die onderwysers daarin. Alhoewel daar tans baie klem gelê word op die onderwysers se werksomstandighede en bronne tot hul beskiking is dit steeds belangrik om meer aandag aan die onderwysers se dieptekennis in hul vakgebied te skenk (http://www.nrf.co.za).

Maree (1997) is van mening dat, indien beroepsvoorligters self nie oor genoegsame kennis van die huidige samelewing en sy snel veranderende aard beskik nie, en dus by implikasie ook oor gebrekkige kennis oor die werksontledingsimplikasies daarvan, sal hulle nie in staat wees om leerders te help om insig te bekom ten opsigte van die implikasies van veranderende samelewingseise vir die maak van 'n betroubare beroepskeuse nie.

Tydens die ontwikkeling van die nuwe kurrikulum het die verantwoordelikheid en rol van die onderwyser sterk na vore gekom. Die uitdagings wat daarmee gepaard gaan, is die oplei van onderwysers en ook die feit dat onderwysers se houding moet verander. 'n Minder ontspanne en "traak-my-nie-agtige" houding moet verander in 'n meer gefokusde houding. Daar moet ook bewustelik gewerk word aan die status en beeld van onderwysers. Onderwysers moet daarop ingestel wees om die beeld van 'n regverdige, eerlike en respekvolle onderwyser wat omgee, uit te dra (Ufundu uze, 2003).

Bogenoemde behoefte wat deur die onderwysers geïdentifiseer is, geniet die aandag van die Departement van Onderwys. Die Departement spits hom daarop toe om onderwysers die nodige opleiding te gee wat hulle nodig het om hulle taak te kan verrig (http://www.juta.co.za/academic/schools/copy/obe.htm). Singh (2003) identifiseer 'n faktor wat wel 'n rol kan speel en dit is die feit dat, tydens die opleiding van onderwysers, die kulturele agtergrond van agtergestelde gemeenskappe nie in ag geneem word nie, wat dus daartoe kan lei dat onderwysers nie 'n aanvoeling vir en kennis van die leerders in die gemeenskappe se behoeftes het nie.

Singh (2003) is van mening dat, hoewel opleiding belangrik is, die onderwyser steeds een van die belangrikste faktore in die onderwysstelsel is. Die onderwyser is immers per slot van rekening die een wat leer moet stimuleer, ongeag hoeveel daar aan hulpmiddels en fasiliteite bestee word. Die aanname kan gemaak word dat die kwaliteit onderwyser die kwaliteit opleiding sal bepaal.

## BESPREKING

Die ***doel van die studie*** was om ondersoek in te stel na die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en onderwysers in 'n agtergestelde gemeenskap. Tydens die studie het dit na vore gekom dat nie baie navorsing oor die onderwerp gedoen is nie. Huidige navorsing is sterk gefokus op die blanke teikenpopulasies (Nicholas et al., 1999).

Wat die ***belangrikheid van beroepsvoorligting*** betref, blyk dit uit die literatuur (Euvrard, 1994, Stead & Watson, 1999) dat daar nie besef word wat die impak van swak beroepsvoorligting is en wat dit tot gevolg het nie. Marais (2000), Akhurst en Mkhize (1999) se bevinding is dat daar tans 'n hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika voorkom wat waarskynlik toegeskryf kan word aan 'n verskeidenheid faktore, onder andere die veranderende wêreld van werk. Rothmann et al. (1998) is van mening dat dit noodsaaklik is om 'n geskoolde arbeidsmag te hê wat ingeligte beroepskeuses kan maak. Soos dit in die literatuur na vore gekom het (Education for all, 1997), is beroepsvoorligting een van die belangrikste aspekte in die opvoeding van kinders, aangesien dit die beroepskeuse beïnvloed. Jacobs (2002) is van mening dat beroepskeuses vir die res van hulle lewe 'n invloed op leerders het, maar dat dit ook 'n invloed op die arbeidsmag het.

Tydens die studie het dit duidelik geword dat daar nie voldoende beroepsvoorligting gegee word nie. Die leerders sowel as die onderwysers het 'n aanduiding daarvan gegee dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte aan beroepsvoorligting het. Jacobs (2002) se opvatting is dat beroepsvoorligting belangrik is en dat dit kan bydra tot 'n beter arbeidsmag. Met 'n beter arbeidsmag kan ekonomiese groei plaasvind wat sal lei tot werkskepping. 'n Weldeurdagte beroepsvoorligtingsprogram wat gegrond is op die beginsels van beroepsvoorligting, is 'n voorvereiste om in elke individuele leerder se behoeftes te kan voorsien. Bogenoemde stellings korreleer met Kruger (1998) se bevindinge dat beroepsinligting in die Suid-Afrikaanse konteks 'n belangrike faktor is by die maak van 'n geslaagde beroepskeuse.

Werksgeleenthede word al minder en soos deur Watson en Stead (1996) bevind is, daar in die agtergeblewe gemeenskappe 'n groot behoefte aan beroepsvoorligting (inligting) en ook daaraan dat die loopbaaninligting meer stelselgeoriënteer en gemeenskapsgebaseer moet wees. Werksgeleenthede sal ook toenemend binne die gemeenskap geskep word, aangesien meer leerders in loopbane en beroepe opgelei en geskool word, wat beter beroepskeuses tot gevolg sal hê.

Die leerders sowel as die onderwysers het aangetoon dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het, wat dus korreleer met Modise (1997) se opmerking dat beroepsvoorligtingsprogramme in die toekoms meer sensitief en relevant moet wees ten opsigte van die leerder se behoeftes. Onderwysers, en in besonder die beplanners van die kurrikulum, sal hulle hulpbronne moet kanaliseer en ook besef watter groot rol voorligting speel. Asmal (2000) is van mening dat die sillabus as 'n raamwerk moet dien waarbinne hulle kan werk om sodoende optimaal in leerders se behoeftes te kan voorsien. Dit is belangrik dat die voorligtingkurrikulum voortdurend geëvalueer moet word om te bepaal of dit nog aan die gestelde behoeftes voldoen.

Wat die ***behoeftes van die leerders*** betref, blyk dit dat hulle 'n behoefte het aan praktiese ervaring en blootstelling aan beroepe. Leerders is van mening dat onderwysers 'n groter rol kan speel ten opsigte van leiding in vak- en beroepskeuses en dat hulle as leerders 'n behoefte het aan inligting en blootstelling aan die wêreld van werk. Hierdie temas stem ooreen met Fredericks (1991) se opvatting, naamlik dat onderwysers 'n groter rol moet speel by beroepsvoorligting. Leerders het ook 'n behoefte aan selfkennis en lewensvaardighede aangedui wat korreleer met stellings van Modise (1997), naamlik dat leerders 'n behoefte het daaraan om hulleself beter te leer ken en te weet wat hulle sterk- en swakpunte is om sodoende ook beroepskeuses te kan maak op grond van hulle persoonlikheid, belangstelling en vaardighede.

Die jeugdige se behoeftes is die uitkoms van sy persoonlikheid, verwagtinge en doelwitte gesamentlik en word deur sy lewensopvattings beïnvloed. Hoffmann & Maree

(1992) en Jacobs, Von Mollendorf en Van Jaarsveld (1988) is van mening dat elke werker sekere behoeftes het wat hy/sy wil bevredig of ideale wat hy/sy binne 'n veranderende beroepslewe wil verwesenlik. Hierdie stelling sluit aan by Fredericks (1991) se mening dat die leerders se betrokkenheid by en belangstelling in beroepsvoorligting bepaal sal word deur die mate waarin hul behoeftes bevredig word.

Wat die ***behoeftes van die onderwysers*** betref, blyk dit dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het. Onderwysers wys daarop dat hulle 'n behoefte aan hulpmiddels (soos bv. sillabus/ handleiding) het, asook dat hulle inligting oor die verskillende beroepsvelde benodig. Die onderwysers ag dit belangrik om toegang tot die nodige hulpbronne te hê, om te verseker dat hulle in die leerders se behoeftes kan voorsien en dat hulle hul taak goed kan verrig. Volgens die onderhawige studie is dit vir die onderwysers nodig om hulle beter te bekwaam ten opsigte van beroepsvoorligting.

Akhurst en Mkhize (1999) voer aan dat die opleiding van die onderwysers in beroepsvoorligting van kardinale belang is. Dit vergemaklik die onderwyser se taak as hy/sy die nodige kennis en hulpmiddels het om die leerders te onderrig.

Burns (*In* Stead & Watson, 1999) voer aan dat dit belangrik is om 'n persoon in die geheel te beoordeel ten opsigte van sy individuele lewensrolle en lewensvaardighede wanneer dit kom by die saamstel van programme wat die leerders moet voorberei op die verskeidenheid rolle wat hulle as volwassene sal moet vervul en op die veranderinge wat in hul loopbane in 'n onseker toekoms kan intree.

Wat die ***huidige situasie*** betref, wil dit voorkom of daar tydens hierdie studie 'n duideliker beeld van die situasie en stand van sake in beroepsvoorligting by die betrokke Sekondêre skool geskets is. Dit blyk dat die leerders meen dat die huidige beroepsvoorligtingperiodes nie hul behoeftes onder die loep neem nie, en volgens die onderwysers kom 'n afwesigheid van beroepsgeoriënteerde rolmodelle, te min inligting oor verskillende beroepsvelde en gebrekkige finansiële ondersteuning voor, wat die

beroepsvoorligtingsproses negatief beïnvloed. Dit sluit aan by literatuur in die verband (Euvrard, 1994; Kroukamp, 2003; Jacobs, 2002).

Op grond van bogenoemde stellings blyk dit duidelik dat voldoende en bevredigende beroepsvoorligting tans nie aangebied word nie. Hierdie bevinding sluit aan by Akhurst en Mkhize (1999) en Maree (1997) se bevindinge dat die onvoldoende beroepsvoorligting aan verskeie faktore toegeskryf kan word, onder andere 'n gebrek aan hulpbronne, akademiese vakverpligtinge en onderwysers wat 'n behoefte het aan beter opleiding ten opsigte van beroepsvoorligting.

Tydens die onderhoude met die onderwysers is daar nie duidelikheid gekry daaroor of 'n handleiding wel beskikbaar is nie. Per geleentheid is daarna verwys en ander het weer 'n behoefte aan 'n handleiding uitgespreek. Die afwesigheid van 'n handleiding word deur Akhurst en Mhkize (1999) se opvatting gesteun, naamlik dat daar wel 'n behoefte aan 'n handleiding bestaan wat die nodige leiding sal gee om effektiewe beroepsvoorligting aan te moedig. Dit blyk dat swak toegeruste voorligters een van die belangrikste oorsake van die onbevredigende toedrag van sake is, en volgens Van Heerden (1991) moet die bronne van die skool sowel as dié van die gemeenskap so aangewend word dat die een die ander se pogings bevorder. Dienste wat deur skoolvoorligters aangebied word, moet leerders toerus om binne 'n ingewikkelde geïntegreerde samelewing te funksioneer (Asmal, 2000).

Uit onderhoude het onderwysers 'n behoefte getoon om hulself beter te bekwaam ten opsigte van beroepsvoorligting. Hulle sal dus nie in staat wees om adolessente te help om insig te verkry ten opsigte van die implikasies van veranderende samelewingseise vir die maak van 'n betroubare beroepskeuse nie. Dit beteken dat beroepsvoorligters oor deskundige samelewingskennis sal moet beskik ten einde adolessente te kan begelei tot sinvolle en betroubare werksontleding (Maree, 1997).

Modise (1997) is van mening dat die onderwyser volgens die nuwe sillabus as fasiliteerder moet optree. Dus moet die onderwysers oop wees vir alternatiewe idees en

gelei word deur die leerders se behoeftes en nie veroordelend optree nie. Die onderwyser moet 'n omgewing skep waarin leer kan plaasvind, en ook poog om die ouers en gemeenskap betrokke te kry.

Dit blyk dat leerders se betrokkenheid bepaal word deur die mate waarin hulle behoeftes aandag geniet. Dit is belangrik om in die toekoms die leerders sowel as die onderwysers se behoeftes onder die loep te neem en seker te maak dat dit bevredig word. Die verskaffing van die nodige leiding, opleiding en hulpmiddels is van kardinale belang (SA, 1998; Education for all, 1997; http://www.juta.co.za/academic/schools/copy/obe.htm).

Marais (1999) maak die volgende opmerking ten opsigte van die huidige situasie: "Mag ons in die Republiek van Suid-Afrika besef dat, te midde van die talle vraagstukke waarmee daar op elke denkbare terrein van die samelewing en die wêreld van werk geworstel word, hier steeds 'n groot toekoms op die jeug wag. Mag ons as opvoedkundiges en opvoeders ons taak duidelik sien en volgens die Christelike beginsels die jeugdige opvoed tot 'n volwaardige volwassene met 'n duidelik gefundeerde lewensdoel."

## AANBEVELINGS

Met die oog op toekomstige navorsing word die volgende aanbevelings gemaak:
`n Soortgelyke studie kan onderneem word by `n nie-gedepriveerde skool. Die bevindinge tussen die gedepriveerde en die nie-gedepriveerde skole kan dan vergelyk word om te bepaal of daar merkbare verskille ten opsigte van die skole se beroepsvoorligtingsbehoeftes voorkom. Daar kan ook ondersoek ingestel word na die ontwerp en evaluasie van `n beroepsvoorligtingsprogram spesifiek gerig op leerders en onderwysers van `n gedepriveerde skool.

Verdere navorsing kan geloods word om te bepaal of huidige beroepsvoorligtingshandleidings en sillabusse voldoen aan skole se spesifieke behoeftes. Daar moet ook op `n gereelde basis ondersoek ingestel word na die veranderende beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en onderwysers.

`n Vergelykende studie tussen die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en die behoeftes van die werksektor kan onderneem word. Indien daar weer navorsing gedoen word in `n multikuturele konteks, word die aanbeveling gemaak dat navorsers opgelei word in onderhoudvoertegnieke ten opsigte van 'n multikulturele konteks.

Aanbevelings ten opsigte van die onderwysstelsel :
Die behoeftes wat in hierdie studie geïdentifiseer is, kan gebruik word in die samestelling van `n beroepsvoorligtingsprogram. Jeugdiges sal toegerus moet word om aanpasbaar te wees met (beroepsgerigte) vaardighede om te verseker dat hulle voorbereid is op die veranderende arbeidsmark.

`n Verdere aanbeveling is dat daar keuring ten opsigte van beroepsvoorligtingsonderwysers plaasvind en dat sodanige onderwyser omvattender en deegliker opleiding ten opsigte van beroepsvoorligting ontvang. Onderwysers moet ook oor die vermoë beskik om inligting te verskaf oor 'n wye spektrum beroepe, die leefstyl wat daarmee gepaard gaan en die beskikbare geleenthede.

**BRONNELYS**


Akhurst, J. & Mkize, J.N. (1999). Career education in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 163—179). Pretoria: Van Schaik.

Berens, C. (1999). *Job choices for graduates: technikons and universities* (5th ed.). Cape Town: Trotman.

Bogdan, R.C. & Biklen, S.K. (1992). *Qualitative research for eduction* (2nd ed.). Boston: Allyn and Bacon.

Career guidance and Counselling. (2000, March). *Conference report: Theory and practice for the 21st century.* Retrieved October 6, 2003 from the World Wide Web:
http://www.noicc.gov/

Chunyane, Z.M. (1983). Career guidance needs assessment of black secondary school students in the Transvaal province of the Republic of South Africa. *International Journal for the Advancement of Counselling, 6*, 271-280.

Du Toit, E. (2000). *Persone se belewing van individueel toegepaste grafiese gesinsbeelding.* Gepubliseerde magistergraad-dissertasie, PU vir CHO, Potchefstroom.

Euvrard, G.J. (1994). *A Qualitative study into guidance needs of high school pupils.* Unpublished Ph.D. thesis, University of South Africa, Pretoria.

Fredericks, C.R. (1991). *Identifying guidance needs of coloured senior secondary school pupils.* Unpublished master's dissertation, University of South Africa, Pretoria.

Education for all. (1997, August). *From "special needs and support" to developing quality education for all learners.* Summary of public discussion document of the NCSNET/ NCESS.

Gitterman, A. (1995). *Outcomes of School Career Development* (Report No. NCRTL-RR-93002004). Canada: Ontario. (ERIC Document Reproduction Service No. ED 401 501)

Hairston, J.E., (2000). How parents influence African American students' decisions to prepare for vocational teaching careers. *American Educational Research Journal 31*, 5-15.

Hoffmann, J.G. & Maree, J.G. (1992). Optimalisering van beroepsvoorligting op skool met behulp van 'n beroepsveldidentifiseringsprogram. *Suid–Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 12*(3), 282–286.

Human Science Research Council (1981). *Investigation into Education: Report on the work committee: Guidance.* Pretoria: HSRC.

Jacobs, C.D., Van Jaarsveld, N.H. & Von Mollendorf, J.W. (1988). *Beroepsvoorligting vir die laer- en hoërskool. 'n Handleiding vir die onderwyser.* Pretoria: Konsensus Uitgewers.

Kroukamp, H. (2003, September). *Public Administration Education and Training in South Africa: New needs and approaches to combat inequality and exclusion.* Paper presented at the International Association of Schools and Institutes of Administration, Miami, FL.

Kruger, C.S. (1998). *Loopbaanbeplanning in 'n gedepriveerde gemeenskap.* Gepubliseerde Magistergraad-verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. (2000). *Foundations of behavioral research* (4th ed.). Forth Worth, TX: Harcourt Collge Publishers.

Manganyi, C. (1997). *Curriculum 2005. Lifelong learning for the 21st century.* Retrieved October 5, 2003, from the World Wide Web: http:// www.polity.org.za/govdocs/misc/curr2005

Marais, J.L. (2000). *Beroepsvoorligting in die nuwe millennium: belangrike fokuspunte.* PU vir CHO: Potchefstroom.

Maree, J.G. & Bester, S.E. (2000). 'n Postmoderne model vir beroepsvoorligting. *South African Journal of Education, 20*(2), 90-96.

Maree, J.G. (1997). Werksontleding as aspek van beroepsvoorligting: 'n gevallestudie. *South African Journal of Education, 17*(1), 2934.

Marshall, C. & Rossman, G.B. (1995). *Designing qualitative research* (2nd ed.). California: Sage.

Mitchell, M. & Jolley, J. (1996). *Research design explained* (3rd ed.). Fort Worth: Harcourt Brace College.

Modise, O.J. (1997). *The guidance needs of standard 10 pupils in secondary schools in the Potchefstroom area.* Unpublished master's disertation, PU for CHE, Potchefstroom.

Moodley, S. (2002, December). *Inclusive Education: Challenges for Distance Learning, Policy and Practice.* Paper presented at the Pathways 6 Conference, Sydney, Australia.

Moon, S.M., Dillon, D.R. & Sprenkle, D.H. (1990). Family therapy and qualitative research. *Journal of Marital and Family Therapy, 16*(4), 357-373.

Mouton, J & Marais, H.C. (1990). *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Naidu, E. (2000). From preachers to teachers: New techniques in KwaZulu Natal. Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web: http://www.changemakers.net

Narsee, S. (1999, August). *Some perspectives on Literacy and Workplace Communication within a Culturally and Linguistically Diverse Vocational Training Institution in South Africa.* Paper presented at the Sixth International Literacy and Education Research Network Conference on Learning, Penang, Malaysia.

National Education Policy Investigation. (1992). *Support services.* Cape Town: Oxford University Press.

Nicholas, L, Pretorius, T.B. & Naidoo, V.N. (1999). Historical perspective of career psychology in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 1—12). Pretoria: Van Schaik.

Nuwe Matriek. (2003, February 10). *Die Beeld,* p1.

Office of the Deputy President, Poverty and inequality in South Africa, Summary report, 13 May 1998, Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web: http://www.polity.org.za/html/govdocs/reports/poverty.html

Omery, A. (1983). Phenomology: A method for nursing research. *Advances in Nursing Science, 5*(2),49—63.

Patton, M.Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods.* California: Sage.

Pryor, R.G.L. (1985). Towards a composite theory of career development and choice. *British Journal of Guidance and Counselling, 13*, 225-237.

*Publication Manual of the American Psychological Association* (4th ed.). (1995). Washington, DC: American Psychological Association.

Rothmann, S., Sieberhagen, G. V/D M. & Cilliers, F.V.N. (1998). Die kwalitatiewe effek van 'n groepfasiliteringskursus. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 24*(3), 7-13.

Rothmann, S. (2000). *The Phenomenological Interview.* PU vir CHO, Potchefstroom.

SA **kyk** Suid – Afrika.

Singh, A. (2003, September). *Aligning teacher training practices with rural student culture.* Paper presented at the International Association of Schools and Institutes of Administration, Miami, FL.

Stead, G.B. & Watson, M.B. (1999). *Career Psychology.* Pretoria: Van Schaik.

Suid - Afrika. Departement van Onderwys. 1998. White paper on education and training. *Staatskoerant:* 19581, September 25. 53p.

Super, D.E., & Jordaan, J.P. (1973). Career development theory. *British Journal of Guidance and Counselling, 1*, 3-16.

Turner, C. (1994). *Sukses is maklik.* Kaapstad: Tafelberg.

Ufundu uze ufe: Aiming for lifelong learning. (2003, January). *Focus, 10*(1). Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web: http://www.doe.gov/education

Van Der Merwe, H. (1996). Die navorsingproses: probleemstelling en navorsingontwerp. In J.G. Garber (Ed.), *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing* (pp. 285—300). Pretoria: J.L. Van Schaik.

Van Heerden, B.W.J. (1991). *'n Evaluering van die beroepsleidingprogram in die sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement.* Gepubliseerde doktorsgraad-proefskrif, PU vir CHO, Potchefstroom.

Van Heerden, B.W.J. & Marais J.L. (1993). *Studente se houding teenoor beroepsleiding. SARHO, 7*(3), 246-258.

Watson, M.B. & Nqweni, Z.C. (1999). Introduction to career counselling. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 103—104). Pretoria: Van Schaik.

Watson, M.B. & Stead, G.B. (1996, September). *The career research of two South African academics: The road well travelled.* Paper presented at the 2nd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa, University of the Witwatersrand, Johannesburg.

Westcott, M. 2003. South Africa going forward. *Management Today, 19*(2), 22-24.

Woods, N.F. & Catanzaro, M. (1988). *Nursing research: Theory and practice.* St. Louis, MO: Mosbey.

## HOOFSTUK 3

### 3.1 GEVOLGTREKKING

Die ***doel van die studie*** was om ondersoek in te stel na die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en onderwysers in 'n agtergestelde gemeenskap. Tydens die studie het dit na vore gekom dat nie baie navorsing oor die onderwerp gedoen is nie. Huidige navorsing is sterk gefokus op die blanke teikenpopulasies (Nicholas et al., 1999).

Wat die ***belangrikheid van beroepsvoorligting*** betref, blyk dit uit die literatuur (Euvrard, 1994, Stead & Watson, 1999) dat daar nie besef word wat die impak van swak beroepsvoorligting is en wat dit tot gevolg het nie. Marais (2000), Akhurst en Mkhize (1999) se bevinding is dat daar tans 'n hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika voorkom wat waarskynlik toegeskryf kan word aan 'n verskeidenheid faktore, onder andere die veranderende wêreld van werk. Rothmann et al. (1998) is van mening dat dit noodsaaklik is om 'n geskoolde arbeidsmag te hê wat ingeligte beroepskeuses kan maak. Soos dit in die literatuur na vore gekom het (Education for all, 1997), is beroepsvoorligting een van die belangrikste aspekte in die opvoeding van kinders, aangesien dit die beroepskeuse beïnvloed. Jacobs (2002) is van mening dat beroepskeuses vir die res van hulle lewe 'n invloed op leerders het, maar dat dit ook 'n invloed op die arbeidsmag het.

Tydens die studie het dit duidelik geword dat daar nie voldoende beroepsvoorligting gegee word nie. Die leerders sowel as die onderwysers het 'n aanduiding daarvan gegee dat hulle beroepsvoorligting belangrik ag en 'n behoefte aan beroepsvoorligting het. Jacobs (2002) se opvatting is dat beroepsvoorligting belangrik is en dat dit kan bydra tot 'n beter arbeidsmag. Met 'n beter arbeidsmag kan ekonomiese groei plaasvind wat sal lei tot werkskepping. 'n Weldeurdagte beroepsvoorligtingsprogram wat gegrond is op die beginsels van beroepsvoorligting, is 'n voorvereiste om in elke individuele leerder se behoeftes te kan voorsien. Bogenoemde stellings korreleer met Kruger

(1998) se bevindinge dat beroepsinligting in die Suid-Afrikaanse konteks 'n belangrike faktor is by die maak van 'n geslaagde beroepskeuse.

Die leerders sowel as die onderwysers het aangetoon dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het, wat dus korreleer met Modise (1997) se opmerking dat beroepsvoorligtingsprogramme in die toekoms meer sensitief en relevant moet wees ten opsigte van die leerder se behoeftes. Onderwysers, en in besonder die beplanners van die kurrikulum, sal hulle hulpbronne moet kanaliseer en ook besef watter groot rol voorligting speel. Asmal (2000) is van mening dat die sillabus as 'n raamwerk moet dien waarbinne hulle kan werk om sodoende optimaal in leerders se behoeftes te kan voorsien. Dit is belangrik dat die voorligtingkurrikulum voortdurend geëvalueer moet word om te bepaal of dit nog aan die gestelde behoeftes voldoen.

Wat die ***behoeftes van die leerders*** betref, blyk dit dat hulle 'n behoefte het aan praktiese ervaring en blootstelling aan beroepe. Leerders is van mening dat onderwysers 'n groter rol kan speel ten opsigte van leiding in vak- en beroepskeuses en dat hulle as leerders 'n behoefte het aan inligting en blootstelling aan die wêreld van werk. Hierdie temas stem ooreen met Fredericks (1991) se opvatting, naamlik dat onderwysers 'n groter rol moet speel by beroepsvoorligting. Leerders het ook 'n behoefte aan selfkennis en lewensvaardighede aangedui wat korreleer met stellings van Modise (1997), naamlik dat leerders 'n behoefte het daaraan om hulleself beter te leer ken en te weet wat hulle sterk- en swakpunte is om sodoende ook beroepskeuses te kan maak op grond van hulle persoonlikheid, belangstelling en vaardighede. Fredericks (1991) is van mening dat die leerders se betrokkenheid by en belangstelling in beroepsvoorligting bepaal sal word deur die mate waarin hul behoeftes bevredig word.

Wat die ***behoeftes van die onderwysers*** betref, blyk dit dat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van beroepsvoorligting het. Onderwysers wys daarop dat hulle 'n behoefte aan hulpmiddels (soos bv. sillabus/ handleiding) het, asook dat hulle inligting oor die verskillende beroepsvelde benodig. Die onderwysers ag dit belangrik om toegang tot

die nodige hulpbronne te hê, om te verseker dat hulle in die leerders se behoeftes kan voorsien en dat hulle hul taak goed kan verrig. Volgens die onderhawige studie is dit vir die onderwysers nodig om hulle beter te bekwaam ten opsigte van beroepsvoorligting.

Akhurst en Mkhize (1999) voer aan dat die opleiding van die onderwysers in beroepsvoorligting van kardinale belang is. Dit vergemaklik die onderwyser se taak as hy/sy die nodige kennis en hulpmiddels het om die leerders te onderrig.

Wat die ***huidige situasie*** betref, wil dit voorkom of daar tydens hierdie studie 'n duideliker beeld van die situasie en stand van sake in beroepsvoorligting by die betrokke skool geskets is. Dit blyk dat die leerders meen dat die huidige beroepsvoorligtingperiodes nie hul behoeftes onder die loep neem nie, en volgens die onderwysers kom 'n afwesigheid van beroepsgeoriënteerde rolmodelle, te min inligting oor verskillende beroepsvelde en gebrekkige finansiële ondersteuning voor, wat die beroepsvoorligtingsproses negatief beïnvloed. Dit sluit aan by literatuur in dié verband (Euvrard, 1994; Kroukamp, 2003; Jacobs, 2002).

Akhurst en Mkhize (1999) en Maree (1997) bevind dat onvoldoende beroepsvoorligting aan verskeie faktore toegeskryf kan word, onder andere 'n gebrek aan hulpbronne, akademiese vakverpligtinge en onderwysers wat 'n behoefte het aan beter opleiding ten opsigte van beroepsvoorligting.

Tydens die onderhoude met die onderwysers is daar nie duidelikheid gekry daaroor of 'n handleiding wel beskikbaar is nie. Per geleentheid is daarna verwys en ander het weer 'n behoefte aan 'n handleiding uitgespreek. Die afwesigheid van 'n handleiding word deur Akhurst en Mhkize (1999) se opvatting gesteun, naamlik dat daar wel 'n behoefte aan 'n handleiding bestaan wat die nodige leiding sal gee om effektiewe beroepsvoorligting aan te moedig. Dit blyk dat swak toegeruste voorligters een van die belangrikste oorsake van die onbevredigende toedrag van sake is, en volgens Van Heerden (1991) moet die bronne van die skool sowel as dié van die gemeenskap so aangewend word dat die een die ander se pogings bevorder. Dienste wat deur

skoolvoorligters aangebied word, moet leerders toerus om binne 'n ingewikkelde geïntegreerde samelewing te funksioneer (Asmal, 2000).

Dit blyk dat leerders se betrokkenheid bepaal word deur die mate waarin hulle behoeftes aandag geniet. Dit is belangrik om in die toekoms die leerders sowel as die onderwysers se behoeftes onder die loep te neem en seker te maak dat dit bevredig word. Die verskaffing van die nodige leiding, opleiding en hulpmiddels is van kardinale belang (SA, 1998; Education for all, 1997; http://www.juta.co.za/academic/schools/copy/obe.htm).

## 3.2 BEPERKINGE

Deelnemers het nie altyd volgens die navorser voldoende antwoorde op vrae gegee nie, die en onderhoudvoerder moes dus meer gestruktureerde vrae vra om deelnemers se antwoorde te verifieer. Dit sou moontlik ondervang kon gewees het indien die navorser goeie opleiding ten opsigte van onderhoudvoering in `n multikulturele konteks ontvang het.

## 3.3 AANBEVELINGS

Met die oog op toekomstige navorsing word die volgende aanbevelings gemaak:
`n Soortgelyke studie kan onderneem word by `n nie-gedepriveerde skool. Die bevindinge tussen die gedepriveerde en die nie-gedepriveerde skole kan dan vergelyk word om te bepaal of daar merkbare verskille ten opsigte van die skole se beroepsvoorligtingsbehoeftes voorkom. Daar kan ook ondersoek ingestel word na die ontwerp en evaluasie van `n beroepsvoorligtingsprogram spesifiek gerig op leerders en onderwysers van `n gedepriveerde skool.

Verdere navorsing kan geloods word om te bepaal of huidige beroepsvoorligtingshandleidings en sillabusse voldoen aan skole se spesifieke

behoeftes. Daar moet ook op `n gereelde basis ondersoek ingestel word na die veranderende beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en onderwysers.

'n Vergelykende studie tussen die beroepsvoorligtingsbehoeftes van leerders en die behoeftes van die werksektor kan onderneem word. Indien daar weer navorsing gedoen word in `n multikuturele konteks, word die aanbeveling gemaak dat navorsers opgelei word in onderhoudvoer-tegnieke ten opsigte van 'n multikulturele konteks.

Aanbevelings ten opsigte van die onderwysstelsel :
Die behoeftes wat in hierdie studie geïdentifiseer is, kan gebruik word in die samestelling van `n beroepsvoorligtingsprogram. Moontlike uitkomste en inhoud van die program kan onder ander wees dat studente toegerus moet word met kennis, vaardighede en gesindhede (houdings) wat noodsaaklik is om leerders te begelei tot 'n selfvervulde en produktiewe lewe in die huidige en toekoms. Die jeug moet ook die geleentheid kry om selfkennis op te doen, nie net aangaande 'n beroep nie, maar betreffende 'n verskeidenheid beroepsrolle wat beskikbaar is vir hulle. Jeugdiges sal toegerus moet word om aanpasbaar te wees met (beroepsgerigte) vaardighede om te verseker dat hulle voorbereid is op die veranderende arbeidsmark.

Stead en Watson (1999) is van mening dat die inhoud van 'n beroepsvoorligtingsprogram aan die volgende vereistes moet voldoen: Selfbewussyn en kennis word ontwikkel deur te verstaan wat die leerder se belangstellings, vermoëns, ideale en waardes is en deur 'n houding te kweek wat daarna streef om dié doelwitte te bereik. Besluitnemingsvaardighede en lewensvaardighede word beoefen om te verseker dat leerder opgewasse sal wees vir die veranderinge. `n Verdere aanbeveling is dat daar keuring ten opsigte van beroepsvoorligtingsonderwysers plaasvind en dat sodanige onderwyser omvattender en deegliker opleiding ten opsigte van beroepsvoorligting ontvang. Onderwysers moet ook oor die vermoë beskik om inligting te verskaf oor 'n wye spektrum beroepe, die leefstyl wat daarmee gepaard gaan en die beskikbare geleenthede.

## BRONNELYS


Akhurst, J. & Mkize, J.N. (1999). Career education in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 163—179). Pretoria: Van Schaik.

Akhurst, J., Jassat, M. & Adendorff, C. (1999). Career information: sources, services and classification. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 180—196). Pretoria: Van Schaik.

Bell, V., Sloth–Nielsen, J. & Housdon, J. (1993). *Make more money part–time.* Cape Town: Struik.

Berens, C. (1999). *Job choices for graduates: technikons and universities* ($5^{th}$ ed.). Cape Town: Trotman.

Bogdan, R.C. & Biklen, S.K. (1992). *Qualitative research for eduction* ($2^{nd}$ ed.). Boston: Allyn and Bacon.

Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Barnes, A.S.V. (1996). *Tweetalige skoolwoordeboek.* Kaapstad: Nasou.

Bolles, R.N. & Figler, H. (1999). *The career counselor's handbook.* Berkeley, CA: Ten Speed Press.

Career guidance and Counselling. (2000, March). *Conference report: Theory and practice for the $21^{st}$ century.* Retrieved October 6, 2003 from the World Wide Web:
http://www.noicc.gov/

Chunyane, Z.M. (1983). Career guidance needs assessment of black secondary school students in the Transvaal province of the Republic of South Africa. *International Journal for the Advancement of Counselling, 6*, 271-280.

Cloete, N. (1981). Occupational orientation of black youth in Southern Africa. *Psychologia Africana, 20*, 53-79.

Crabtree, B.F & Miller, W.L. (1992). *Doing qualitative research.* London: Sage.

Curriculum 2005 and Outcomes-based Education. (1997, March). Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web:
http://www.juta.co.za/academic/Schools/Copy/obe.htm

De Wet, J.J., Monteith, J.L.D., Steyn, H.S. & Venter, P.A. (1981). *Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing.* Durban: Butterworth.

Du Toit, E. (2000). *Persone se belewing van individueel toegepaste grafiese gesinsbeelding.* Gepubliseerde magistergraad-dissertasie, PU vir CHO, Potchefstroom.

Euvrard, G.J. (1994). *A Qualitative study into guidance needs of high school pupils.* Unpublished Ph.D. thesis, University of South Africa, Pretoria.

Fredericks, C.R. (1991). *Identifying guidance needs of coloured senior secondary school pupils.* Unpublished master's dissertation, University of South Africa, Pretoria.

Education for all. (1997, August). *From "special needs and support" to developing quality education for all learners.* Summary of public discussion document of the NCSNET/ NCESS.

Garbers, J.G. (1996). *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Gerber, P.D., Nel, P.S. & Van Dyk, P.S. (1988). *Mannekragbestuur.* Johannesburg: Southern.

Gibson , R.L. & Mitchell, M.H. (1995). *Introduction to counselling and guidance.* Engelwood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Gitterman, A. (1995). *Outcomes of School Career Development* (Report No. NCRTL-RR-93002004). Canada: Ontario. (ERIC Document Reproduction Service No. ED 401 501)

Glesne, M. & Peshkin, A. (1992). *Becoming qualitative researchers: An introduction.* New York: Longman.

Hairston, J.E., (2000). How parents influence African American students' decisions to prepare for vocational teaching careers. *American Educational Research Journal 31,* 5-15.

Hoffmann, J.G. & Maree, J.G. (1992). Optimalisering van beroepsvoorligting op skool met behulp van 'n beroepsveldidentifiseringsprogram. *Suid–Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 12*(3), 282–286.

Human Science Research Council (1981). *Investigation into Education: Report on the work committee: Guidance.* Pretoria: HSRC.

Hussey, J. & Hussey, R. (1997). *Business Research: A practical guide for undergraduate and postgraduate students.* London: Macmillan.

Jacobs, C.D., Van Jaarsveld, N.H. & Von Mollendorf, J.W. (1988). *Beroepsvoorligting vir die laer- en hoërskool. 'n Handleiding vir die onderwyser.* Pretoria: Konsensus Uitgewers.

Janesick, V.J. (1998). *"Stretching" exercises for qualitative researchers.* Thousand Oaks: Sage.

Kroukamp, H. (2003, September). *Public Administration Education and Training in South Africa: New needs and approaches to combat inequality and exclusion.* Paper presented at the International Association of Schools and Institutes of Administration, Miami, FL.

Kruger, C.S. (1998). *Loopbaanbeplanning in 'n gedepriveerde gemeenskap.* Gepubliseerde Magistergraad-verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Kruger, D. (1979). *An introduction to phenomenological psychology.* Johannesburg: Juta.

Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. (2000). *Foundations of behavioral research* (4th ed.). Forth Worth, TX: Harcourt Collge Publishers.

Leedy, P.H. (1997). *Practical research. Planning and design* (6th ed.) Upper Saddle River: Prentice Hall.

Lokan, J. & Fleming, M. (2003). Issues in adapting a computer–assisted career guidance system for use in another country. *Language Testing, 20* (2), 167-177.

Manganyi, C. (1997). *Curriculum 2005. Lifelong learning for the 21st century.* Retrieved October 5, 2003, from the World Wide Web:
http:// www.polity.org.za/govdocs/misc/curr2005

Marais, J.L. (2000). *Beroepsvoorligting in die nuwe millennium: belangrike fokuspunte.* PU vir CHO: Potchefstroom.

Maree, J.G. & Bester, S.E. (2000). 'n Postmoderne model vir beroepsvoorligting. *South African Journal of Education, 20*(2), 90-96.

Maree, J.G. (1997). Werksontleding as aspek van beroepsvoorligting: 'n gevallestudie. *South African Journal of Education, 17*(1), 2934.

Marshall, C. & Rossman, G.B. (1995). *Designing qualitative research* (2nd ed.). California: Sage.

Maykut, P. & Morehouse, R. (1995). *Beginning qualitative research.* California: The Falmer Press.

Miller, S.I. & Fredericks, M. (1994). *Qualitative research methods.* New York: Peter Lang.

Mitchell, M. & Jolley, J. (1996). *Research design explained* (3rd ed.). Fort Worth: Harcourt Brace College.

Modise, O.J. (1997). *The guidance needs of standard 10 pupils in secondary schools in the Potchefstroom area.* Unpublished master's disertation, PU for CHE, Potchefstroom.

Moodley, S. (2002, December). *Inclusive Education: Challenges for Distance Learning, Policy and Practice.* Paper presented at the Pathways 6 Conference, Sydney, Australia.

Moon, S.M., Dillon, D.R. & Sprenkle, D.H. (1990). Family therapy and qualitative research. *Journal of Marital and Family Therapy, 16*(4), 357-373.

Mouton, J & Marais, H.C. (1990). *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Mtolo, M.Z. (1996). *Tertiary students' perspectives on secondary school career education: A consumer perspective.* Unpublished Master's thesis, University of Natal, Pietermaritzburg.

Naicker, A. (1993). The psycho-social context of career counselling in South African schools. *South African Journal of Psychology, 24,* 27-34.

Naidu, E. (2000). From preachers to teachers: New techniques in KwaZulu Natal. Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web: http://www.changemakers.net

Narsee, S. (1999, August). *Some perspectives on Literacy and Workplace Communication within a Culturally and Linguistically Diverse Vocational Training*

*Institution in South Africa.* Paper presented at the Sixth International Literacy and Education Research Network Conference on Learning, Penang, Malaysia.

National Education Policy Investigation. (1992). *Support services.* Cape Town: Oxford University Press.

Naude, H. (1996). *'n Evaluasie van die effektiwiteit van 'n beroepsvoorligtingswerkboek vir skoolverlaters.* Ongepubliseerde magistergraad-verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

Nicholas, L, Pretorius, T.B. & Naidoo, V.N. (1999). Historical perspective of career psychology in South Africa. In G.B. Stead & M.B. Watson (Eds.), *Career Psychology* (pp. 1—12). Pretoria: Van Schaik.

Nuwe Matriek. (2003, February 10). *Die Beeld,* p1.

Office of the Deputy President, Poverty and inequality in South Africa, Summary report, 13 May 1998, Retrieved October 5, 2003 from the World Wide Web: http://www.polity.org.za/html/govdocs/reports/poverty.html

Omery, A. (1983). Phenomology: A method for nursing research. *Advances in Nursing Science, 5*(2),49—63.

Patton, M.Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods.* California: Sage.

Pryor, R.G.L. (1985). Towards a composite theory of career development and choice. *British Journal of Guidance and Counselling, 13,* 225-237.

*Publication Manual of the American Psychological Association* (4th ed.). (1995). Washington, DC: American Psychological Association.

Reid-Van Niekerk & Van Niekerk, H.H. (1990). Career maturity of black, coloured and white university students. *Journal of Industrial Psychology, 16*(4), 1-4.

Rothmann, S., Sieberhagen, G. V/D M. & Cilliers, F.V.N. (1998). Die kwalitatiewe effek van 'n groepfasiliteringskursus. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 24*(3), 7-13.

Rothmann, S. (2000). *The Phenomenological Interview.* PU vir CHO, Potchefstroom.

SA **kyk** Suid – Afrika.

Shreuder, A.M.G. & Theron, A.L. (1997). *Careers: an organisational perspective.* Kenwyn: Juta.



continuing education: assessing the importance of attitudinal information. *J.R. Statistical Society, 165*(1), 83-95.

Watson, M.B. & Stead, G.B. (1996, September). *The career research of two South African academics: The road well travelled.* Paper presented at the 2nd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa, University of the Witwatersrand, Johannesburg.